

## HOOFSTUK 8

### DIE EMPIRIESE ONDERSOEK EN DIE VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS

**“What science cannot tell us, mankind cannot know.”**

(Russel in Green, 1996:241)

#### 8.1 INLEIDING

Die aanhaling van Russel beklemtoon die belangrikheid van navorsing vir die mensdom. In die voorafgaande teoretiese hoofstukke is gepoog om ‘n teoretiese basis vir die onderhawige empiriese ondersoek daar te stel. Daar is gefokus op alkoholisme, die invloed van alkoholisme op die alkoholisgesin, die invloed van ouerlike alkoholisme op die laerskoolkind en die aanwending van speltherapie vanuit die gestaltbenadering met die laerskoolkind van die alkoholis.

Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te dui watter empiriese werkswyses gevolg is en om die invloed wat ‘n intervensieprogram in speltherapie op die laerskoolkind van die alkoholis se maatskaplike funksionering het, aan te dui. Aandag word spesifiek aan die probleemformulering, die doel van die navorsing, die navorsingstelling, die navorsingsmetodologie en die meestinstrument gegee. Die intervensie word in tabelvorm weergegee en die gegewens word by wyse van gevallestudies hanteer. Tydens hierdie gevallestudies word daar op elke respondent se gesinsomstandighede, sy/haar proses, die fases waardeur hy/sy beweeg, sy/haar funksionering tydens groepsessies, sy/haar funksionering in die skoolopset en sy/haar maatskaplike funksionering gefokus. ‘n Vergelykende interpretasie van gegewens word ook verskaf.

## 8.2 PROBLEEMFORMULERING

Die navorsingsprobleem soos wat dit in hoofstuk 1 bespreek is, word vervolgens vir die doel van hierdie hoofstuk saamgevat. Sodoende kan begrip en insig in die interpretasie van die gegewens verkry word en kan die verandering in die laerskoolkind van die alkoholise maatskaplike funksionering aan die hand van die gestelde probleem geëvalueer word. Dit is uit hoofstuk 1 duidelik dat alkoholisme 'n gesinsiekte is en dat die alkoholisesin as onvoorspelbaar, inkonsekwent en onbestendig beskryf kan word. Dit is verder uit die bovermelde hoofstuk duidelik dat die kind van die alkoholise 'n groot risiko loop om self met alkohol en dwelms te eksperimenteer, om by kriminele oortredings betrokke te raak en om probleme ten opsigte van skoolwerk, interpersoonlike verhoudings, hiperaktiwiteit, tienerswangerskappe, vroeë skoolverlating, selfmoord, eetversteurings en gewelddadigheid te openbaar. Die navorsingsprobleem in hierdie empiriese ondersoek kan soos volg saamgevat word:

- Kan 'n intervensieprogram in speltherapie vanuit die gestaltbenadering die laerskoolkind van die alkoholise tot so 'n mate help en ondersteun dat hy die ouerlike alkoholisme beter kan hanteer en sy maatskaplike funksionering sodoende verbeter?

## 8.3 DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die studie sluit aan by die probleemformulering. Die doelstellings en doelwitte is breedvoerig in hoofstuk 1 bespreek en word vervolgens saamgevat ten einde die ontwikkeling van begrip en insig in die interpretasie van die gegewens te vergemaklik:

- Om kennis met betrekking tot die invloed van alkoholisme op die laerskoolkind, die ontwikkelingsfase van die laerskoolkind, gestalttherapie en speltherapie uit te brei, ten einde die intervensieprogram ooreenkomstig die behoeftes en vermoëns van die laerskoolkind van die alkoholise te kan rig.
- Om 'n intervensieprogram vanuit die gestaltbenadering en met behulp van speltherapietegniese saam te stel en te implementeer, ten einde die laerskoolkind van die

alkoholis te ondersteun en te bemagtig om die realiteite in sy lewe te hanteer en sy maatskaplike funksionering te verbeter.

- Om na afloop van die intervensieprogram gevolgtrekkings, riglyne en aanbevelings aan ouers, onderwysers en maatskaplike werkers te verskaf rondom die benutting van die gestaltbenadering in speltherapie met die laerskoolkind van die alkoholis.

#### **8.4 NAVORSINGSTELLING**

Die navorsingstelling is soos volg in hoofstuk 1 omskryf: Indien die laerskoolkind van die alkoholis ondersteuning en leiding ontvang deur middel van 'n intervensieprogram in speltherapie vanuit die gestaltbenadering, behoort sy maatskaplike funksionering te verbeter.

#### **8.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE**

In die studie is daar van intervensie navorsing in die vorm van 'n kombinasie tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing gebruik gemaak. Die navorsing het spesifiek ten doel gehad om reeds bestaande kennis oor die invloed van ouerlike alkoholisme op die kind te ontgin en uit te brei, om die nuwe kennis oor die laerskoolkind van die alkoholis wat deur middel van die navorsing opgedoen is, in die praktyk aan te wend en om 'n intervensieprogram in speltherapie vanuit die gestaltbenadering te ontwikkel wat as 'n riglyn vir maatskaplike werkers sal dien in hul hulpverlening ten opsigte van die betrokke kliëntsisteem. Dit is dus duidelik dat die ondersoek verkennend van aard is.

'n Navorsingsprosedure wat vir die doel van hierdie studie aangewend is, is kwasi-eksperimenteel van aard. Kwasi-eksperimentele navorsing is in die vorm van die eengroepvoortoets/natoetsontwerp vir die doel van die studie aangewend. Sodoende kon die navorser presies vasstel tot watter mate die onafhanklike veranderlike (die intervensieprogram in speltherapie) die afhanklike veranderlike (die laerskoolkind van die alkoholis se maatskaplike funksionering) beïnvloed.

Tydens die betrokke studie is daar van gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoude, posvraelyste, handafgelewerde vraelyste en persoon-tot-persoon-vraelyste, natuurlike waarneming, waarneming met gekontroleerde stimuli (deelnemende waarneming) en geskaleerde vrae as metodes van data-insameling gebruik gemaak. Daar is op die betrokke kinders se gesins- en familiegeskiedenis, hul gevoelens, gedagtes en gedragpatrone, hul funksionering in die skoolopset en die interaksie tussen al die onafhanklike veranderlikes gefokus. 'n In-diepte ondersoek oor die impak van ouerlike alkoholisme op die betrokke laerskoolkinders se emosionele en sosiale funksionering, hul gedrag en hul sienings van hulself is onderneem. Om hierdie doel te bereik, is daar tydens die intervensieprogram van individuele en groepsessies gebruik gemaak.

Tydens die vooronderzoek tot betrokke studie is 'n aantal volwasse kinders van alkoholiste deur middel van 'n sneeubalsteekproef vir assesseringsdoeleindes by die voltooiing van 'n selfontwerpte vraelys betrek (bylae A). Sodoende kon die relevantheid vir 'n intervensieprogram met die laerskoolkind van die alkoholis bepaal word en kon die resultate as riglyn dien vir die opstelling van die vraelyste wat in die hoofondersoek aangewend is. Die biografiese inligting ten opsigte van hierdie respondente word vervolgens in tabel 8.1 weergegee:

Tabel 8.1 Die biografiese inligting van die volwasse kinders van alkoholiste

| <b>DIE BIOGRAFIESE INLIGTING VAN DIE VOLWASSE KINDERS VAN ALKOHOLISTE</b> |                   |   |                   |   |                   |   |
|---|-------------------|---|-------------------|---|-------------------|---|
| <b>(n = 13)</b>   |                   |   |                   |   |                   |   |
| <b>OMSKRYWING</b>   | <b>AANTAL</b>     |   |                   |   |                   |   |
| <b>Taal</b>   | <b>Afrikaans</b>  | 9 | <b>Engels</b>     | 4 | <b>Ander</b>      | 0 |
| <b>Geslag</b>   | <b>Manlik</b>     | 7 | <b>Vroulik</b>    | 6 |                   |   |
| <b>Ouderdom</b>   | <b>19-29 jaar</b> | 9 | <b>30-39 jaar</b> | 4 | <b>40-50 jaar</b> | 0 |
| <b>Huwelikstaat</b>   | <b>Ongetroud</b>  | 8 | <b>Getroud</b>    | 4 | <b>Geskei</b>     | 1 |
| <b>Alkoholisoer</b>   | <b>Vader</b>      | 8 | <b>Moeder</b>     | 3 | <b>Stiefouer</b>  | 2 |

| <b>DIE BIOGRAFIESE INLIGTING VAN DIE VOLWASSE KINDERS VAN ALKOHOLISTE (vervolg)</b> |                   |                   |                    |  |
|---|-------------------|-------------------|--------------------|--|
| <b>(n = 13)</b>   |                   |                   |                    |  |
| <b>OMSKRYWING</b>   | <b>AANTAL</b>     |                   |                    |  |
| <b>Invloed van ouerlike alkoholisme op die respondent se sosialisering as kind</b>  | <b>Positief</b> 0 | <b>Neutraal</b> 0 | <b>Negatief</b> 13 |  |
| <b>Invloed van ouerlike alkoholisme op die respondent se skoolwerk</b>              | <b>Positief</b> 0 | <b>Neutraal</b> 4 | <b>Negatief</b> 9  |  |
| <b>Invloed van ouerlike alkoholisme op die gesin se funksionering</b>               | <b>Positief</b> 0 | <b>Neutraal</b> 2 | <b>Negatief</b> 11 |  |
| <b>Beskikbaarheid van 'n ondersteuningstelsel tydens kinderjare</b>                 | <b>Ja</b> 4       | <b>Neutraal</b> 5 | <b>Nee</b> 4       |  |
| <b>Relevantheid van 'n program vir die laerskoolkind van die alkoholis</b>          | <b>Ja</b> 12      | <b>Neutraal</b> 1 | <b>Nee</b> 0       |  |

Die leemtes en struikelblokke ten opsigte van die intervensieprogram en die meetinstrument kon ook tydens die vooronderzoek geïdentifiseer word, aangesien die intervensieprogram met drie laerskoolseuns wat aan ouerlike alkoholisme blootgestel is, geïmplementeer is. 'n Breedvoerige literatuurstudie is ook tydens die vooronderzoek afgehandel en die navorser het met kundiges gekonsulteer om ook hul insette te bekom.

Daar is van dimensionele steekproeftrekking as 'n vorm van nie-waarskynlikheidssteekproeftrekking gebruik gemaak, ten einde nege laerskoolkinders vir die navorsing te selekteer. Die veranderlikes wat tydens die steekproeftrekking in aanmerking geneem is, was die ouderdom en die geslag van die betrokke kinders en die geslag van die alkoholisouer.

## 8.6 METING

Die enkelstelselontwerp is vir die doel van die studie as 'n meetinstrument aangewend. Die A-B-A-C-A-metode is aangewend om die laerskoolkind van die alkoholise maatskaplike funksionering te meet en die A-B-A-metode is gebruik om die betrokke kinders se funksionering in die skoolopset te bepaal. Die proefpersone het die vraelys tydens die A-B-A-C-A-metode voltooi (bylae E). Die A-B-A-C-A-metode het uit die volgende stappe bestaan: 'n voormeting (A) tydens die periode tussen 26 April 1999 en 30 April 1999; die aanwending van die intervensieprogram (B) gedurende 1 Mei 1999 en 25 Julie 1999; 'n middelmeting (A) tydens die week van 26 Julie 1999; die voortsetting van die intervensieprogram (C) vanaf 2 Augustus 1999 tot 15 September 1999; 'n nameting (A) op 18 September 1999. Die drie basislyne is vervolgens met mekaar vergelyk ten einde die geslaagdheid van die intervensieprogram te bepaal.

Die onderwysers van die betrokke kinders is by die voltooiing van die vraelys volgens die A-B-A-metode betrek (bylae G). Die A-B-A-metode het uit die volgende stappe bestaan: die eerste A verteenwoordig die voormeting wat in die periode van 19 April 1999 tot 24 April 1999 plaasgevind het, die B verteenwoordig die intervensieprogram wat tussen 1 Mei 1999 en 15 September 1999 geïmplementeer is en die tweede A dui op die nameting wat op 20 September 1999 plaasgevind het. Die twee basislyne is met mekaar vergelyk om die invloed van die intervensieprogram om die kinders se funksionering in die skoolopset te bepaal.

### 8.6.1 Meetinstrument

'n Selfontwerpte vraelys oor die maatskaplike funksionering van die laerskoolkind van die alkoholise, sowel as 'n selfontwerpte vraelys oor die laerskoolkind van die alkoholise funksionering in die skoolopset, is as meetinstrumente tydens die betrokke studie aangewend. Hierdie vraelyste is gebaseer op inligting uit bepaalde literatuurbronne en is in samewerking met kundiges tydens die voorondersoek gefinaliseer. Die vraelys het uit geskaleerde vrae bestaan en die literatuur wat tydens die opstelling van die vraelys aangewend is, het die volgende ingesluit:

- Die tipiese probleme wat die kind van die alkoholis ervaar, soos deur Clayton (1995:127-155) omskryf.
- Riglyne ten opsigte van hulpverlening aan die kind van die alkoholis soos deur Robinson (1983:178-181) bespreek.
- Riglyne en gevolgtrekkings ten opsigte van die ondersteuning van die kind van die alkoholis soos bevind deur Latham & Napier (1992:1137-1158) in 'n studie oor die psigologiese gevolge van ouerlike alkoholisme op die kind.
- Vrae deur Alateen (1998:1-2) om te bepaal of die kind by Alateen baat sal vind.

### 8.6.2 Uiteensetting van die skale

Die bovermelde literatuur is verwerk tot die verskillende terreine van maatskaplike funksionering en onderskeid is getref tussen die laerskoolkind van die alkoholis se sosiale funksionering, sy emosionele funksionering, sy selfbeeld, sy gedrag en sy funksionering in die skoolopset. Die verskillende items wat in die betrokke meetinstrumente beklemtoon is, word vervolgens in tabel 8.2 uiteengesit en onderskeidelik bespreek.

**Tabel 8.2 Die uiteensetting van die verskillende items van die meetinstrumente**

| <b>DIE UIEENSETTING VAN DIE VERSKILLENDE ITEMS VAN DIE MEETINSTRUMENTE</b>              |                     |  |
|---|---------------------|--|
| <b>Meetinstrument wat deur proefpersone voltooi is<br/>(Voor-, middel- en nameting)</b> |                     |  |
| <b>Skaal</b>  | <b>Aantal items</b> | <b>Totaal punte behaalbaar in afdeling</b> |
| 1. Sosiale funksionering  | 12                  | 60   |
| 2. Emosionele funksionering   | 10                  | 50   |
| 3. Selfbeeld  | 7                   | 35   |
| 4. Gedrag   | 7                   | 35 (Totaal 180)                            |

| <b>DIE UITEENSETTING VAN DIE VERSKILLENDE ITEMS VAN DIE MEETINSTRUMENTE (vervolg)</b>  |                     |  |
|--|---------------------|--|
| <b>Meetinstrument wat deur die betrokke onderwysers voltooi is (Voor- en nameting)</b> |                     |  |
| <b>Skaal</b>   | <b>Aantal items</b> | <b>Totaal punte behaalbaar in afdeling</b> |
| <b>Algemene funksionering in die skoolopset</b>  | <b>8</b>            | <b>40 (Totaal 40)</b>                      |
|  |                     | <b>Groottotaal 220</b>                     |

### 8.6.2.1 Sosiale funksionering

Dit is uit paragraaf 4.3.3 duidelik dat die kind van die alkoholis se sosiale funksionering negatief beïnvloed word deur die alkoholmisbruik in die gesin. Verskillende skrywers (vergelyk Nye, Fitzgerald & Zucker, 1995:831; Tubman, 1993:732; Waldo, 1998:1; Williams & Corrigan, 1992:406) is dit eens dat die kind van die alkoholis dikwels probleme openbaar ten opsigte van kompulsiewe gedrag, hiperaktiwiteit, skoolversuim, antisosiale gedrag en negatiewe gedragspatrone soos om te steel, leuens te vertel en voortdurend by konflik betrokke te wees. Die kind van die alkoholis is dikwels ook geïsoleerd. Daar word verder deur Kelly & Myers (1996:501) beklemtoon dat die kind van die alkoholis dikwels probleme ten opsigte van die sosiale interaksie en interpersoonlike verhoudings in die portuurgroep openbaar en dat hierdie kind 'n groot risiko loop om self dwelms en/of alkohol te misbruik, om in volwassenheid met 'n alkohol- of dwelmafhanglike te trou, om selfmoordneigings te openbaar en om simptome van posttraumatische stresversteuring te vertoon. Volgens Marlin (1988:42) is eetversteurings soos kompulsiewe eet, bulimia en anorexia nervosa dikwels eie aan die kind van die alkoholis. Vir die doel van die studie blyk dit dus sinvol te wees om die laerskoolkind se maatskaplike funksionering aan die hand van sy sosiale funksionering te meet. Daar is 12 items van sosiale funksionering in die betrokke skaal en dit hou met die volgende verband:

- Sosialisering en ondersteuning in gesinsverband.
- Die aangaan en instandhouding van vriendskappe.



- Ondersteuning vanuit die gemeenskap.

#### **8.6.2.2 Emosionele funksionering**

Dit is uit hoofstuk 4 (vergelyk paragraaf 4.3.1.1) duidelik dat die kind van die alkoholis dikwels skuldgevoelens en gevoelens van woede, vrees, verwarring, angstigheid, skaamte, wanhoop, hulpeloosheid, onveiligheid en ontoereikendheid ervaar. Weiss & Weiss (1989:87) beklemtoon verder dat die kind van die alkoholis nie leer om effektief oor sy gevoelens te dink nie en gevolglik word hierdie gevoelens oordryf, verdraai en onderdruk. Vir die doel van die studie is 10 items wat met die laerskoolkind van die alkoholis se emosionele funksionering verband hou in die meetinstrument opgeneem. Hierdie items hou met die volgende verband:

- Die identifisering en beleving van gevoelens van onveiligheid, eensaamheid, skaamte, skuld, woede en vrees.
- Die beskikbaarheid van 'n ondersteuningstelsel om gevoelens te ventileer.

#### **8.6.2.3 Selfbeeld**

Uit paragraaf 4.3.1.2 is dit duidelik dat verskillende skrywers (vergelyk Nye, Fitzgerald & Zucker, 1995:831; Tubman, 1993:732; Waldo, 1998:1; Williams & Corrigan, 1992:406) dit eens is dat die kind van die alkoholis dikwels probleme ten opsigte van depressie, spanning, angstigheid en 'n lae selfbeeld openbaar. Cocores (1990:164) beklemtoon verder dat die alkoholisgesin oor die algemeen negatief en vyandig is en dat die kind blootgestel word aan voortdurende negatiewe terugvoer. Dit is dus onvermydelik dat die kind van die alkoholis dikwels eienskappe van 'n negatiewe selfbeeld openbaar. Die metingskaal bevat sewe items wat met die kind se selfbeeld verband hou.

#### **8.6.2.4 Gedrag**

Die kind van die alkoholis het volgens Clayton (1995:139) geen kennis van wat 'normaal' is nie. Kommunikasiepatrone is verdraai, en vyandigheid, onvoorspelbaarheid en onsekerheid is die norm in die alkoholisgesin (vergelyk paragraaf 4.5). Indien die invloed van ouerlike alkoholisme op die kind se psigologiese, fisiologiese en sosiale funksionering in aanmerking geneem word, is dit onvermydelik dat die kind se gedrag deur ouerlike alkoholisme beïnvloed

word (vergelyk paragraaf 4.3). Sewe items wat met die laerskoolkind van die alkoholise gedrag verband hou, word in die metingskaal aangedui.

#### **8.6.2.5 Funksionering in die skoolopset**

Die kind van die alkoholise skoolprestasies is volgens Malherbe (1993:165) dikwels swak, aangesien die kind die onderwysers, mislukking en ander skoliere vrees, spanning en angs weens die omstandighede tuis beleef, dikwels afwesig is, dikwels probleme met swak konsentrasie, moegheid en rusteloosheid ervaar, en min geleentheid vir ontspanning en deelname aan naskoolse aktiwiteite het (vergelyk paragraaf 4.3.3). Die meetinstrument wat met die laerskoolkind van die alkoholise funksionering in die skoolopset verband hou, bestaan uit agt items. Hierdie items hou met die volgende aspekte verband:

- Die kind se deelname in die skoolopset.
- Die kind se skoolbywoning.
- Die kind se gedrag in die skoolopset.
- Die kind se selfbeeld.

#### **8.6.3 Verwerking van inligting vanuit die meetinstrument**

Die betrokke meetinstrumente (bylae E en bylae G) het ten doel gehad om die laerskoolkind van die alkoholise maatskaplike funksionering te meet. Die proefpersone is by 'n voor-, 'n middel- en 'n nameting van 'n selfontwerpte pen-en-papier-vraelys betrek (bylae E). Die betrokke onderwysers was daarteenoor by 'n voor- en 'n nameting van 'n ander selfontwerpte pen-en-papier-vraelys betrek (bylae G). Die tellings wat per item by beide meetinstrumente verkry is, is deurlopend op 'n ordinale skaal van een tot vyf bepaal. 'n Ordinale skaal klassifiseer items volgens Collins (1985:14) in kategorieë op 'n kontinuum in 'n bepaalde volgorde. Een (1) is verteenwoordigend van 'n lae maatskaplike funksionering, terwyl vyf (5) 'n hoë maatskaplike funksionering impliseer. Vir die doel van die studie is die inligting vanuit die meetinstrumente in tabelvorm volgens 'n bepaalde formule na 'n bepaalde persentasie

(100%) verwerk en in die vorm van staafdiagramme en 'n lyndiagram voorgestel. Die formule vir die verwerking van die inligting was soos volg:

$$\text{Maatskaplike funksionering} = \frac{\text{Totale punte behaal per afdeling}}{\text{Totale punte behaalbaar per afdeling}} \times \frac{100}{1}$$

## 8.7 DIE INTERVENSIE

Tydens die intervensie is daar deurlopend gepoog om die respondente se bewustheid te verhoog, om hul in staat te stel om keuses te maak, besluite te neem en beheer en verantwoordelikheid vir hul lewens te neem, om te fokus op dit wat op elke respondent se voorgrond was en om die konflikte en onvoltooidhede in hul lewens op te los. Die navorser het bepaalde tegnieke, vaardighede, hulpmiddels en strategieë aangewend om die respondente by die terapeutiese proses te betrek en om die intervensie sinvol deur te voer. Die intervensie word in tabelvorm weergegee. Hoewel die fases tydens die terapeutiese proses afsonderlik in tabelvorm omskryf word, is dit belangrik dat dit in gedagte gehou moet word dat die verskillende fases in terapie dikwels interverweef is. Daar word byvoorbeeld reeds tydens die beginfase (assesseringsfase) van die terapeutiese proses dikwels ook terapieë te werk gegaan. Assesering kan byvoorbeeld tydens die middelfase (terapeutiese fase) plaasvind wanneer assesserings tegnieke soos die lewenspadkaart en die roosboomtegniek tydens die terapeutiese fase aangewend word. Die kind word ook gedurende die middelfase (terapeutiese fase) op die eindfase (terminering) voorberei.

Die fases tydens intervensie, die doel en fokuspunte van elke kontak en die hulpmiddels en tegnieke wat aangewend is, word vervolgens in tabel 8.3 uitgelig. Die intervensieprogram met die laerskoolkind van die alkoholis word egter volledig in hoofstuk 9 bespreek.

Tabel 8.3 Intervensie met die laerskoolkind van die alkoholis

| <b>INTERVENSIË MET DIE LAERSKOOKIND VAN DIE ALKOHOLIS</b> |   |  |   |   |
|---|---|--|---|---|
| <b>Datum</b>  | <b>Fases in die terapeutiese proses</b>                             | <b>Doel</b>  | <b>Fokuspunte</b>   | <b>Hulpmiddels en tegnieke</b>  |
| 19/04/1999<br>tot<br>24/04/1999                           | Aanvanklike<br>assesseringsfase<br>(Beginfase)                      | Kennismaking en verhoudingsbou met betekenisvolle persone in die respondente se lewe en met die betrokke onderwysers.<br>Voormeting deur onderwysers.<br>Assessering en kontraksluiting. | Assessering en opstelling van 'n hipotese.<br>Kontraksluiting met respondente se ouers en onderwysers en vasstelling van hul doelwitte.<br>Insameling van inligting deur middel van verwysingsbronne.<br>Meting van respondente se funksionering in die skoolopset. | Bestudering van literatuur, konsultering met kundiges en die benutting van kontrakte (bylae C) en die meetinstrument (bylae G)<br>Betrekking van respondente waar moontlik. |
| 26/04/1999<br>tot<br>30/04/1999                           | Sessie 1<br>(Individuele sessie)<br>Assesseringsfase<br>(Beginfase) | Ontspannende spel.<br>Voormeting deur respondente.<br>Verhoudingsbou.  | Meting van respondente se emosionele funksionering, selfbeeld, gedrag en funksionering in die skoolopset.<br>Fokus op respondente se doelwitte en bespreking van die intervensieprogram.  | Meetinstrument (bylae E)<br>Agtergrondmusiek, legkaarte, bordspeletjies en ongestruktureerde spel.  |

**INTERVENSIË MET DIE LAERSKOOKIND VAN DIE ALKOHOLIS (vervolg)**

| <b>Datum</b>                    | <b>Fases in die terapeutiese proses</b>                             | <b>Doel</b>  | <b>Fokuspunte</b>   | <b>Hulpmiddels en tegnieke</b>  |
|---------------------------------|---|--|---|---|
| 01/05/1999<br>tot<br>07/05/1999 | Sessie 2<br>(Groepsessie)<br>Assesseringsfase<br>(Beginfase)        | Ontspannende spel en bibliospel.<br>Verhoudingsbou, kennis-<br>uitbreiding en insigontwikkeling in<br>alkohol, alkoholisme en die<br>alkoholis.<br>Selfonderhouding en die<br>ontwikkeling van 'n<br>samehorigheidsgevoel in<br>groepsverband. | Fokus op sensoriese kontakmaking (tekstuur<br>en kleur).<br>Fokus op respondente se potensiaal om<br>ouerlike alkoholisme te hanteer.<br>Fokus op die impak van ouerlike<br>alkoholmisbruik op die alkoholis, die gesin<br>en die kind.       | Hand- en voetverf, water/pylspeletjie,<br>dinkskrum, biblio-spel (video-<br>vertoning) en selfonderhouding.   |
| 15/05/1999<br>tot<br>21/05/1999 | Sessie 3<br>(Individuele sessie)<br>Assesseringsfase<br>(Beginfase) | Ontspannende spel en<br>assesseringspel.<br>Verhoudingsbou, assessering van<br>die gesinsdinamiek en verhoging<br>van bewustheid.  | Fokus op die gesinsamestelling, die<br>emosionele bindinge tussen geinslede, die<br>kommunikasiepatrone en die take en<br>gevoelens wat aan elkeen in gesinsverband<br>gekoppel word.<br>Fokus op sensoriese kontakmaking (reuk en<br>smaak). | Ongestruktureerde spel,<br>agtergrondmusiek en bordspeletjies.<br>Grafiese gesinsbeelding. Sensoriese<br>kontakmaking (smaak en reuk<br>botteltjies). |

| <b>INTERVENSIË MET DIE LAERSKOOKIND VAN DIE ALKOHOLIS (vervolg)</b> |   |   |   |   |
|---|---|---|---|---|
| <b>Datum</b>  | <b>Fases in die terapeutiese proses</b>                               | <b>Doel</b>   | <b>Fokuspunte</b>   | <b>Hulpmiddels en tegnieke</b>  |
| 22/05/1999<br>tot<br>28/05/1999                                     | Sessie 4<br>(Individuele sessie)<br>Assesseringsfase<br>(Middelfase)  | Ontspannende spel en assesseringspel.<br>Skep geleentheid vir die respondent om sy storie te vertel.<br>Fokus op polariteit.<br>Verhoging van bewustheid.   | Identifisering en hantering van positiewe en negatiewe aspekte van die gesin.<br>Ontlading van negatiewe energie.<br>Onderhouding van die self.             | Ontspannings- en asemhalings-oefeninge, ongestruktureerde spel, bordspeletjies en die benutting van pottebakkersklei.<br>My Wêreld. |
| 29/05/1999<br>tot<br>04/06/1999                                     | Sessie 5<br>(Individuele sessie)<br>Terapeutiese fase<br>(Middelfase) | Ontspannende spel en assesseringspel.<br>Deurlopende assessering en evaluering van die respondent se proses.<br>Skep geleentheid vir die respondent om sy storie te vertel.<br>Hantering van projeksies en onvoltooidhede en ondersteuning en bemagtiging van die respondent. | Identifisering en hantering van positiewe en negatiewe aspekte in die respondent se lewe.<br>Ontlading van negatiewe energie.<br>Onderhouding van die self. | Ontspannings- en asemhalings-oefeninge.<br>Lewenspadkaart.  |

| <b>INTERVENSIË MET DIE LAERSKOOKIND VAN DIE ALKOHOOLIS (vervolg)</b> |   |  |   |  |
|--|---|--|---|--|
| <b>Datum</b>   | <b>Fases in die terapeutiese proses</b>                               | <b>Doel</b>  | <b>Fokuspunte</b>   | <b>Hulpmiddels en tegnieke</b>   |
| 05/06/1999<br>tot<br>11/06/1999                                      | Sessie 6<br>(Individuele sessie)<br>Terapeutiese fase<br>(Middelfase) | Ontspannende spel en assesseringspel.<br>Assesseer en evalueer respondent se proses deurlopend.<br>Skep geleentheid vir die respondent om sy storie te vertel.<br>Hantering van projeksies en onvoltooidhede en ondersteuning en bemagtiging van die respondent.       | Fokus op die respondent se siening van homself, die struktuur en sekuriteit in sy lewe, introjekte, sy gevoelens en selfonderhouding.<br>Assessering van die impak van ouerlike alkoholisme op die respondent se funksionering. | Ongestruktureerde spel.<br>Die Roosboomtegniek.  |
| 12/06/1999<br>tot<br>18/06/1999                                      | Sessie 7<br>(Groepsessie)<br>Terapeutiese fase<br>(Middelfase)        | Bibliospel en skeppende spel.<br>Skep geleentheid vir die respondent om sy storie te vertel.<br>Ontwikkeling van 'n samehorigheidsgevoel in groepsverband.<br>Kennissuitbreiding oor die impak van ouerlike alkoholisme.<br>Identifisering en hantering van gevoelens. | Fokus op die tipiese probleme wat die kind van die alkoholis ervaar en die rolle wat die kind van die alkoholis aanneem.<br>Identifisering, besit en hantering van gevoelens.   | Dinkskrum, bibliospel (video-vertoning) en tekening oor gevoelens ("The x-ray machine").<br>Sketse oor die tipiese probleme wat die kind van die alkoholis ervaar en die rolle wat die kind aanneem. |

| <b>INTERVENSIË MET DIE LAERSKOOKIND VAN DIE ALKOHOLIS (vervolg)</b> |   |  |   |   |
|---|---|--|---|---|
| <b>Datum</b>  | <b>Fases in die terapeutiese proses</b>                               | <b>Doel</b>  | <b>Fokuspunte</b>   | <b>Hulpmiddels en tegnieke</b>  |
| 19/06/1999<br>tot<br>25/06/1999                                     | Sessie 8<br>(Individuele sessie)<br>Terapeutiese fase<br>(Middelfase) | Skeppende spel en gedramatiseerde spel.<br>Hantering van projeksies en onvoltooidhede.<br>Skepping van geleentheid om die respondent in staat te stel om sy storie te vertel.                  | Fokus op voorgrondbehoefes, polariteite, bemagtiging van die respondent, alternatiewe gedrag, keuses, die neem van verantwoordelikheid en selfonderhouding.   | Skeppende spel, gedramatiseerde spel en projeksietegnieke (klei, sand, verf, teken, drome, monsters, handpoppe en die leëstoeltegniek).                             |
| 26/07/1999<br>tot<br>31/07/1999                                     | Sessie 9<br>(Individuele sessie)<br>Terapeutiese fase<br>(Middelfase) | Middelmeting.<br>Skeppende spel en gedramatiseerde spel.<br>Hantering van projeksies en onvoltooidhede.<br>Skepping van geleentheid om die respondent in staat te stel om sy storie te vertel. | Meting van sosiale en emosionele funksionering, selfbeeld en gedrag.<br>Fokus op voorgrondbehoefes, polariteite, bemagtiging van die respondent, alternatiewe gedrag, keuses, die neem van verantwoordelikheid en selfonderhouding. | Meetinstrument (bylae E)<br>Skeppende spel, gedramatiseerde spel en projeksietegnieke (klei, sand, verf, teken, drome, monsters, handpoppe en die leëstoeltegniek). |



**INTERVENSIË MET DIE LAERSKOOKIND VAN DIE ALKOHOLIS (vervolg)**

| <b>Datum</b>                    | <b>Fases in die terapeutiese proses</b>                                | <b>Doel</b>   | <b>Fokuspunte</b>  | <b>Hulpmiddels en tegnieke</b>   |
|---------------------------------|--|---|--|--|
| 02/08/1999<br>tot<br>07/08/1999 | Sessie 10<br>(Individuele sessie)<br>Terapeutiese fase<br>(Middelfase) | Skeppende spel en gedramatiseerde spel.<br>Hantering van projeksies en onvoltooidhede.<br>Skepping van geleentheid om die respondent in staat te stel om sy storie te vertel. | Fokus op voorgrondbehoefte, polariteit, bemagtiging van die respondent, alternatiewe gedrag, keuses, die neem van verantwoordelikheid en selfonderhouding. | Skeppende spel, gedramatiseerde spel en projeksietegnieke (klei, sand, verf, teken, drome, monsters, handpoppe en die leëstoel tegniek). |
| 09/08/1999<br>tot<br>14/08/1999 | Sessie 11<br>(Individuele sessie)<br>Terapeutiese fase<br>(Middelfase) | Skeppende spel en gedramatiseerde spel.<br>Hantering van projeksies en onvoltooidhede.<br>Skepping van geleentheid om die respondent in staat te stel om sy storie te vertel. | Fokus op voorgrondbehoefte, polariteit, bemagtiging van die respondent, alternatiewe gedrag, keuses, die neem van verantwoordelikheid en selfonderhouding. | Skeppende spel, gedramatiseerde spel en projeksietegnieke (klei, sand, verf, teken, drome, monsters, handpoppe en die leëstoel tegniek). |

**INTERVENSIË MET DIE LAERSKOOKIND VAN DIE ALKOHOOLIS (vervolg)**

| <b>Datum</b>                    | <b>Fases in die terapeutiese proses</b>                                | <b>Doel</b>  | <b>Fokuspunte</b>   | <b>Hulpmiddels en tegnieke</b>                                   |
|---------------------------------|--|--|---|--|
| 23/08/1999<br>tot<br>27/08/1999 | Sessie 12<br>(Individuele sessie)<br>Terapeutiese fase<br>(Middelfase) | Gedramatiseerde spel.<br>Probleemoplossing, konflik-<br>hantering en insigontwikkeling.<br>Uitbreiding van kommunikasie-<br>vaardighede en vaardighede in<br>probleemoplossing en konflik-<br>hantering.<br>Vorbereiding op terminering. | Insigontwikkeling in eie gedragspatrone.<br>Identifisering van moontlike probleme en<br>bronne van konflik en bemagtiging van die<br>respondent om dit op te los en sinvol te<br>hanteer. | Handpoppe en rollespel.  |
| 30/08/1999<br>tot<br>04/09/1999 | Sessie 13<br>(Groepsessie)<br>Terapeutiese fase<br>(Middelfase)        | Bibliospel.<br>Verryking van die respondent se<br>positiewe funksionering en<br>bewerkstelling van persoonlike<br>groei.<br>Selfonderhouding en<br>selfaanvaarding.<br>Identifisering van steunstelsels.<br>Vorbereiding op terminering. | Identifisering en benutting van 'n<br>ondersteuningsnetwerk (stappe in die<br>benutting van hierdie steunstelsel)<br>Wedersydse ondersteuning in<br>groepsverband.                        | Bibliospel (video-vertoning).<br>Dinkskrum en 'n skryfaktiwiteit |

| <b>INTERVENSIË MET DIE LAERSKOOKIND VAN DIE ALKOHOLIS (vervolg)</b> |  |  |   |  |
|---|--|--|---|--|
| <b>Datum</b>  | <b>Fases in die terapeutiese proses</b>                        | <b>Doel</b>  | <b>Fokuspunte</b>   | <b>Hulpmiddels en tegnieke</b>   |
| 06/09/1999<br>tot<br>15/09/1999                                     | Sessie 14<br>(Individuele sessie)<br>Terminering<br>(Eindfase) | Ontspannende spel.<br>Selfonderhouding en die beskikbaarheid van ondersteuningsnetwerke.   | Erkenning vir goeie vordering wat gemaak is.<br>Fokus op die respondent se vermoëns, vaardighede en ideale.<br>Beplanning van ongestruktureerde opvolgssessies en die finale sessie.                                | Ongestruktureerde spel, agtergrondmusiek en bordspeletjies.                              |
| 18/09/1999  | Sessie 15<br>(Groepsessie)<br>Terminering<br>(Eindfase)        | Bibliospel en ontspannende spel.<br>Nameting.<br>Selfonderhouding, selfaanvaarding, en motivering.<br>Implementering van 'n oopdeurbeleid.<br>Benutting van spreker as positiewe rolmodel. | Meting van sosiale en emosionele funksionering, selfbeeld en gedrag.<br>Fokus op enige onvoltooidhede wat die respondent moontlik weens die terminering beleef.<br>Beplanning van ongestruktureerde opvolgssessies. | Meetinstrument (bylae E).<br>Bibliospel (spreker).<br>Ongestruktureerde spel (partytjie) |

| <b>INTERVENSIE MET DIE LAERSKOOKIND VAN DIE ALKOHOLIS (vervolg)</b> |   |   |  |  |
|---|---|---|--|--|
| <b>Datum</b>  | <b>Fases in die terapeutiese proses</b> | <b>Doel</b>   | <b>Fokuspunte</b>  | <b>Hulpmiddels en tegnieke</b>   |
| 20/09/1999  | Eindfase                                | Nameting deur onderwysers.<br>Opvoedkundige werk (ouers en onderwysers) | Meting van die respondent se funksionering in die skoolopset.<br>Opvoedkundige werk.<br>Fokus op die impak van ouerlike alkoholisme op die laerskoolkind en wyses om die laerskoolkind van die alkoholis te identifiseer en te ondersteun. | Meetinstrument (bylae G).<br>Bestudering van relevante literatuur (hoofstukke 2, 3, en 4). |

## 8.8 VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS AAN DIE HAND VAN GEVALLESTUDIES

Die verwerking van die gegewens word vervolgens by wyse van gevallestudies hanteer. Die gegewens en die terapeutiese proses van elke laerskoolkind wat tydens die betrokke studie betrek is en die terapeutiese proses voltooi het, word bespreek. Hoewel daar aanvanklik nege respondente by die studie betrek is, het slegs ses respondente die terapeutiese proses voltooi. Klem word spesifiek gelê op elke respondent se gesinsomstandighede, sy unieke proses, die rolle, verdedigingsmeganismes en kontakgrensversteurings wat die respondent aanwend, die wyse waarop hy deur die vlakke van neurose beweeg, sy funksionering in groepsverband, sy funksionering in die skoolopset en sy maatskaplike funksionering. Elke respondent se funksionering in die skoolopset, sowel as elkeen se maatskaplike funksionering word aan die hand van staafdiagramme bespreek. Skuilname word ter wille van konfidensialiteit gebruik.

Vir die doel van die studie word daar vervolgens op die biografiese besonderhede van die laerskoolkinderen wat tydens die hoofondersoek betrek is, gefokus. Onderskeid word getref ten opsigte van sowel die respondente se geslag, graad en huistaal, as die betrokke alkoholisouers se geslag, die familiegeskiedenis van alkoholisme en die alkoholis se inskakeling by programme vir rehabilitasie. Die betrokke onderwysers se bewustheid van die alkoholmisbruik in die gesinne word ook uitgelig. Die respondente wat by die studie betrek is, is almal blank.

Tabel 8.4 Respondente se geslag

| <b>RESPONDENTE SE GESLAG</b> |               |
|------------------------------|---------------|
| <b>n = 6</b>                 |               |
| <b>Geslag</b>                | <b>Aantal</b> |
| Manlik                       | 3             |
| Vroulik                      | 3             |
| <b>Totaal</b>                | <b>6</b>      |

Dit is uit tabel 8.4 duidelik dat 'n gelyke aantal seuns en dogters by die studie betrek is; gevolglik is die resultate verteenwoordigend van beide geslagte.

Tabel 8.5 Respondente se skoolgraad

| <b>RESPONDENTE SE SKOOLGRAAD</b> |               |
|----------------------------------|---------------|
|                                  | <b>n = 6</b>  |
| <b>Graad</b>                     | <b>Aantal</b> |
| Graad 3                          | 2             |
| Graad 4                          | 1             |
| Graad 5                          | 0             |
| Graad 6                          | 1             |
| Graad 7                          | 1             |
| Ander (bv. spesiale klas)        | 1             |
| <b>Totaal</b>                    | <b>6</b>      |

Dit is uit tabel 8.5 duidelik dat die respondente almal steeds in die laerskool is en dat die resultate dus slegs verteenwoordigend van die laerskoolkind van die alkoholis is.

Tabel 8.6 Respondente se huistaal

| <b>RESPONDENTE SE HUISTAAL</b> |               |
|--------------------------------|---------------|
|                                | <b>n = 6</b>  |
| <b>Huistaal</b>                | <b>Aantal</b> |
| Afrikaans                      | 2             |
| Engels                         | 4             |
| Ander                          | 0             |
| <b>Totaal</b>                  | <b>6</b>      |

Dit is uit tabel 8.6 duidelik dat die resultate verteenwoordigend van Afrikaanse en Engelse laerskoolkinders is. Die individuele sessie het in Afrikaans of Engels plaasgevind, afhangend van die betrokke respondent se voorkeur in taal. Afrikaans en Engels is tydens die groepsessies afgewissel en daar is doelbewus gepoog om beide taalgroepe te akkommodeer. Die feit dat die betrokke respondente in 'n dubbelmediumskool is waar Afrikaans en Engels aangebied word, het 'n positiewe bydrae gelewer tot die respondente se taalbegrip in beide die tale.

Tabel 8.7 Biografiese besonderhede van die alkoholiseurs

| <b>BIOGRAFIESE BESONDERHEDE VAN DIE ALKOHOLISOUERS</b>          |               |                |                    |
|---|---------------|----------------|--------------------|
| <b>Geslag van alkoholiseur</b>                                  | <b>Manlik</b> | <b>Vroulik</b> | <b>Beide ouers</b> |
|   | 4             | 2              | 0                  |
| <b>Familiegeskiedenis van alkoholmisbruik</b>                   | <b>Ja</b>     | <b>Nee</b>     | <b>Onseker</b>     |
|   | 4             | 0              | 2                  |
| <b>Alkoholis se inskakeling by 'n program vir rehabilitasie</b> | <b>Ja</b>     | <b>Nee</b>     | <b>Onseker</b>     |
|   | 2             | 4              | 0                  |

Die inligting wat in tabel 8.7 weergegee word, is bekom deur middel van 'n selfontwerpte vraelys wat deur die nie-alkoholiseurs of deur die verwysingsbronne voltooi is (bylae D). Dit is uit die betrokke tabel duidelik dat sowel vaderlike as moederlike alkoholisme voorgekom het. Die aanname dat beide geslagte van alkohol afhanklik kan raak, word dus bevestig (vergelyk paragraaf 2.4 en paragraaf 2.7). Die bevindinge dat genetica 'n oorsaaklike rol by alkoholisme speel, word ook deur tabel 8.7 bevestig (vergelyk paragraaf 2.8.3). Alkoholisme blyk dus in families voor te kom, aangesien die meerderheid van die alkoholiseurs wat by die studie betrek is, 'n familiegeskiedenis ten opsigte van alkoholmisbruik openbaar. Die feit dat slegs twee van die ses ouers in die verlede pogings aangewend het om hul alkoholmisbruik te rehabiliteer, dui op die psigologiese proses van ontkenning waartydens die alkoholis onbewus is van sy verslawing (vergelyk paragraaf 2.9). Die feit dat hierdie twee ouers weer teruggeval het in hul patroon van alkoholmisbruik dui die erns en die impak van die verslawing aan (vergelyk paragraaf 8.8.1 en paragraaf 8.8.6 onderskeidelik).

Tabel 8.8 Die onderwysers se bewustheid van die alkoholmisbruik in die betrokke gesinne

| <b>DIE ONDERWYSERS SE BEWUSTHEID VAN<br/>DIE ALKOHOLMISBRUIK IN DIE BETROKKE<br/>GESINNE</b> |               |
|--|---------------|
| <b>n = 6</b>   |               |
| <b>Bewustheid</b>  | <b>Aantal</b> |
| Ja   | 1             |
| Nee  | 5             |
| Onseker  | 0             |

Die feit dat die betrokke skool bewus was van die alkoholmisbruik in slegs een van die betrokke gesinne, dui op die geheimhoudende aard van alkoholisme en die ongesproke reël in die alkoholisgesin om nie daarvoor te praat nie (vergelyk paragraaf 3.4.4 en paragraaf 3.6.1). Daar word van elke gesinslid in die alkoholisgesin verwag om die aanwesigheid van alkoholmisbruik vir die res van die samelewing te verberg.

Elke respondent word vervolgens aan die hand van gevallestudies bespreek.

### 8.8.1 Chris

Chris, gebore 13/03/1987 en in graad 7, is 'n Afrikaanssprekende seun. Sy moeder het hom sonder sy vader se medewete vir terapie ingeskakel. Sy ouers is getroud. Sy moeder is 'n onderwyseres en sy vader is in die regsberoep. Hy is die oudste van drie kinders (jonger broer en suster). Chris is op die leerlingraad, sy akademiese prestasies is bo gemiddeld, hy vaar goed in redenaarskompetisies, hy speel in beide sy skool se eerste rugbyspan en eerste krieketspan en hy neem deel aan atletiek, skaak en swem. Die onderwysers was ten tye van die verwysing van Chris vir speltherapie onbewus van sy gesinsomstandighede. Chris se vader is reeds vir 'n aantal jare 'n alkoholis en sy paterne oupa was ook 'n alkoholis. Chris se vader was gedurende die periode tussen 1995-1997 sober nadat hy by 'n rehabilitasieprogram ingeskakel het, maar hy het aan die begin van 1998 teruggeval in sy drinkgedrag. Chris se vader openbaar die tipiese



eienskappe van die Delta-alkoholis - hy het 'n mate van beheer oor sy alkoholname en hoewel hy daagliks alkohol inneem, slaag hy daarin om sy alkoholname in gegewe situasies te reguleer (vergelyk paragraaf 2.5.2.4).

### **8.8.1.1 Chris se proses**

Chris se proses word bespreek aan die hand van sy gedrag in die speelkamer, sy kommunikasie, sy kreatiwiteit, sy kognitiewe ontwikkeling, sy sosialisering, sy emosionele funksionering, sy selfbeeld, die rolle wat hy aanneem, die verdedigingsmeganismes en kontakgrensversteurings wat hy aanwend en die wyse waarop hy deur sy vlakke van neurose beweeg het.

- **Gedrag in die speelkamer**

Chris is as 'n spontane en uiters vriendelike kind beleef. Hy was beleefd, hulpvaardig, voorbeeldig, volwasse, verantwoordelik en goedgesmanierd. Hy is egter ook as 'n ernstige kind beleef wat druk op homself geplaas het om korrek en aanvaarbaar op te tree. Hy het sy volle samewerking tydens alle aktiwiteite gegee en hy het die individuele aandag wat hy in die speelkamer ontvang het, geniet. Chris het daarin geslaag om sowel leiding te gee as om leiding te neem tydens aktiwiteite en hy het altyd daarop aangedring om die navorser te help om die speelkamer na afloop van sy sessie of die groepsessies netjies te maak en te orden.

- **Kommunikasie**

Chris se kommunikasievaardighede is as goed beleef. Hy het oor 'n goeie woordeskat beskik en hy kon spontaan oor algemene aspekte kommunikeer. Sy verbale en nie-verbale kommunikasie was kongruent, hy het die vrymoedigheid gehad om insette te lewer en om vrae te vra tydens die inligtingsessie oor alkoholisme (sessie 2).

- **Kreatiwiteit**

Chris is as 'n kreatiewe seun beleef. Hy het veral moeite gedoen met sy tekeninge, verfkreatiwiteite en kleimodelle. Chris was egter dikwels ontevrede met dit wat hy geskep het en hy het dikwels aktiwiteite van vooraf begin aangesien hy nie tevrede was met die eindresultate nie. Die hoë eise wat hy aan homself gestel het en die druk wat hy op homself geplaas het om te presteer en take perfek te voltooi, was veral prominent tydens hierdie aktiwiteite.

- **Kognitiewe ontwikkeling**

Chris se kognitiewe ontwikkeling was kongruent met sy ouderdom en sy lewensfase. Sy kommunikasievaardighede was goed, sy denkprosesse was logies, hy kon insig in oorsaaklikheid toon, hy kon gevolgtrekkings maak en hy was daartoe in staat om sy samewerking te gee en te konformeer.

- **Sosialisering**

Hoewel Chris gewild was onder sy portuur en die personeel by sy skool, was hy onder die indruk dat hy nie werklik maats het nie. Hy het homself as 'n alleenloper beskou. Dit was verder vanuit sy projeksies in sy lewenspadkaart duidelik dat hy 'n behoefte aan maats het (sessie 5). Hy het onder andere die volgende te kenne gegee: "Die meeste kinders sê hulle hou van my, maar hulle is nie maats met my nie." Dit wou ook voorkom asof Chris meer dikwels met die dogters in sy klas gesosialiseer het as met die seuns.

- **Emosionele funksionering**

Hoewel Chris as spontaan en vriendelik beleef is, was dit vir hom moeilik om die navorser in sy vertroue te neem. Hierdie onvermoë om iemand te vertrou, is eie aan die kind van die alkoholis (vergelyk paragraaf 3.6.2). Dit was ook duidelik dat Chris daaraan gewoond was om homself te onderhou en dat hy nie geweet het hoe om op die ondersteuning wat hy in die speelkamer ontvang het, te reageer nie. Dit was ook uiters moeilik vir Chris om by sy ware gevoelens uit te kom - hy het nie geweet wat hy voel nie (vergelyk paragraaf 4.5).

- **Selfbeeld**

Chris is aanvanklik ook as 'n kind met 'n positiewe selfkonsep ervaar, maar nadat hy vir 'n geruime tyd by die intervensieprogram ingeskakel het, was dit duidelik dat hy 'n mate van angstigheid en spanning ervaar, dat hy mislukking vrees en dat hy by geleentheid min selfvertroue het. Doelbewuste pogings is aangewend om hom te help om in homself te glo, om homself te aanvaar en om homself te vergewe.

- **Rolle wat Chris aanneem (vergelyk tabel 4.1)**

Dit was duidelik dat Chris die rol van Gesinsheld / Die Verantwoordelike Kind / Die Wonder Kind aanneem. As die oudste kind in die gesin neem hy dikwels verantwoordelikheid vir die

gesin. Hy verberg die alkoholmisbruik in die gesin deur op skool uit te blink, vrees mislukkings, het min selfvertroue, is perfeksionisties en toon 'n onvermoë om te ontspan, lighartig te wees en om bloot kind te wees. Hy is dikwels die een wat sy ma help om die alkohol vir sy pa weg te steek en om sy pa slaapkamer toe te neem wanneer hy (Chris se pa) sy bewussyn weens sy alkoholmisbruik verloor. Chris help ook sy broer (graad 2) met sy huiswerk wanneer sy ma “in ‘n slegte bui is”. Chris het tydens ‘n klei-projeksie daarin geslaag om insig in sy gedrag te ontwikkel (sessie 8). Hy het ‘n masker met die klei gemaak (vergelyk figuur 8.1) en tydens die hantering van sy kleimodel daarin geslaag om ‘n masker te identifiseer wat hy dikwels aanwend, naamlik die “alles gaan goed” masker. Die redes waarom hy so ‘n masker aanwend, wie/wat eintlik agter die masker skuil en die impak wat die aanwending van hierdie masker op sy huidige funksionering het, is bespreek en hanteer. Chris het hierdie projeksies direk aan sy vader se alkoholmisbruik gekoppel.

- **Verdedigingsmeganismes / kontakgrensversteurings** (vergelyk paragraaf 4.7 en 5.3.11 onderskeidelik)


Chris het aanvanklik ontken dat sy pa se alkoholmisbruik werklik ‘n probleem was en hy het doelbewuste pogings aangewend om sy ware gevoelens te blokkeer en te onderdruk. In hierdie poging om sy ware gevoelens te onderdruk, het hy nie net kontak met homself verloor nie, maar ook met die wêreld daar buite kontak verbreek (desensitisasie). Die onvoltooidhede en die verlies aan beheer wat hy weens sy vader se alkoholmisbruik ervaar het, het hy in sy sport en skoolaktiwiteite uitgedruk (sublimasie). Sy groot behoefte om gebeure te beheer en te reguleer was ‘n verdere wyse om sy belewing van spanning en angs te minimaliseer (kontrolering).

- **Vlakke van neurose** (vergelyk paragraaf 5.5)


Chris was vir ‘n groot gedeelte van die terapeutiese proses in die cliché laag en in die sintetiese laag. Dit was deel van sy proses om voor te gee dat dit goed gaan, dat alles reg is in sy gesin en dat hy in beheer is. Soos wat sy bewustheid egter verhoog is en hy ondersteuning ontvang het om sy storie te vertel, het die beeld wat hy voorgegee het, begin vervaag. Tydens die hantering van sy roosboom het hy begin om ‘n mate van angstigheid te beleef, aangesien hy bewus begin raak het van sy ware gevoelens (sessie 6). In sy prent van sy roosboom het hy ‘n aantal rose wat blom en reën “wat hulle laat groei” geteken (vergelyk figuur 8.2). Daar was

egter ook wind in sy prent wat “dreig om die reën weg te waai”.

Figuur 8.1 Chris se kleimodel



Figuur 8.2 Chris se roosboom



Tydens die hantering van sy tekening het Chris te kenne gegee dat sy vader se alkoholmisbruik ongerief in sy lewe veroorsaak. Chris kon egter nog nie in daardie stadium daarin slaag om die impak wat sy vader se alkoholmisbruik op sy (Chris) se funksionering het, te begryp en te hanteer nie.

Tydens die hantering van sy kleimodel het hy egter daarin geslaag om met sy innerlike kontak te begin maak (vergelyk paragraaf oor die rolle wat Chris aanneem en figuur 8.1) en deur die implosiewe laag te begin beweeg (sessie 8). Chris het volkome daarin geslaag om tydens die hantering van sy sandtoneel deur die implosiewe laag te beweeg (sessie 10). Tydens die hantering van sy sandtoneel het hy sy ware gevoelens geprojekteer, besit en hanteer. Chris se sandtoneel het uit plaasdiere en ‘n aantal roofdiere bestaan. Hy het slegs dié plaasdiere gebruik waarvan daar ‘n volwasse dier en ‘n klein diertjie was. Sy toneel het dus uit roofdiere en perde met vulletjies, koeie en kalfies, ‘n vark met kleintjies, skape met lammetjies ensovoorts bestaan (vergelyk figuur 8.3). Tydens die hantering van sy sandtoneel het Chris veral gevoelens van magteloosheid, spanning en angs op die vark met kleintjies geprojekteer en daar is op die polariteite van ‘n gevoel van beheer teenoor ‘n verlies aan beheer gefokus. Chris het daarin geslaag om gevoelens van magteloosheid, spanning en angs te identifiseer en dit te besit. Hy het dit aan sowel sy pa se alkoholmisbruik as sy ma se bitterheid en woede gekoppel. (“My pa kom alewig laat by die huis aan wanneer hy drink en my ma is kwaad nog voordat hy by die huis is. Dan praat hulle nie met ons of met mekaar nie of hulle baklei.”). Dit was ook uit die bespreking duidelik dat dit deel van Chris se proses is om verantwoordelik vir sy gesin te voel en om hoë eise aan homself te stel, gevolglik is hy gehelp om insig te ontwikkel in sy proses en die rolle wat hy aanneem. Aangesien Chris se proses nie iets is wat bloot sal verander nie, is hy daarvan bewus gemaak dat hy van ‘n ondersteuningsnetwerk gebruik moet maak om hom te help en om hom te ondersteun. Nadat ‘n ondersteuningsnetwerk geïdentifiseer is, het hy geleentheid ontvang om sy sandtoneel te verander. Chris het die vark met die kleintjies op ‘n blokkie geplaas en twee ander varke bygevoeg. Die roofdiere kon nie meer by die vark uitkom nie en die vark was nou veilig (vergelyk figuur 8.4).

Figuur 8.3 Chris se aanvanklike sandtoneel



Figuur 8.4 Chris se sandtoneel nadat hy sy onvoltooidheid uitgespeel het




### 8.8.1.2 Chris se funksionering in groepsverband

Chris is as 'n leier tydens die groepsessies beleef. Hierdie optrede hou verband met sy rol as die Gesinsheld en die feit dat hy een van die oudste kinders in die groep was. Hy het die groepsaktiwiteite geniet, sy volle samewerking gegee en dikwels as die navorser se regterhand opgetree. Dit was duidelik dat hy daaraan gewoond is om ander te help en dat hy ook as sy ma se regterhand optree en met die versorging van sy jonger broer en suster help. Chris was egter huiwerig om persoonlike insette te lewer en het veel eerder die ander groepslede ondersteun as wat hy enige ondersteuning deur hulle aanvaar het.

### 8.8.1.3 Chris se funksionering in die skoolopset

Chris is in die skoolopset as 'n voorbeeldige kind en 'n leiersfiguur ervaar. Hy was gewild onder die onderwysers en die kinders het sy gesag as leier sonder huiwering of weerstand aanvaar. In figuur 8.5 word Chris se funksionering in die skoolopset, soos bepaal deur 'n vraelys wat deur sy klasonderwyser voltooi is, weergegee (vergelyk bylae I vir die verwerkte gegewens vanuit die meetinstrument).

Figuur 8.5 Chris se funksionering in die skoolopset






Dit is uit figuur 8.5 duidelik dat geen vordering in Chris se maatskaplike funksionering ten opsigte van sy funksionering in die skoolopset waargeneem kon word nie. Dit is duidelik dat hy 'n hoë vlak van 82.5% in sy maatskaplike funksionering in die skoolopset gehandhaaf het en dat daar geen werklike aanduiding in hierdie funksionering is dat hy probleme tuis ervaar nie. Dit is ook duidelik dat hy baie goed daarin slaag om die Gesinsheld te wees en die ouerlike alkoholmisbruik dus sodoende te verbloem. Die evaluering van Chris se maatskaplike funksionering in die skoolopset (82.5 % ) is baie hoër as die gemiddelde meting vir die respondente. Die gemiddelde skoolmeting was 50% en 55% onderskeidelik vir die voor- en nameting.

#### 8.8.1.4 Chris se maatskaplike funksionering

Chris se maatskaplike funksionering is tydens 'n voor-, 'n middel- en 'n nameting aan die hand van 'n selfontwerpte vraelys bepaal. Hierdie meetinstrument was op sy sosialisering, sy emosionele funksionering, sy selfbeeld en sy gedrag van toepassing. Chris se maatskaplike funksionering word aan die hand van figuur 8.6 bespreek (vergelyk bylae I vir die verwerkte gegewens).

Figuur 8.6 Chris se maatskaplike funksionering



Dit is uit figuur 8.6 duidelik dat Chris se maatskaplike funksionering ten opsigte van al die onderskeie skale verbeter het. Sy sosialisering het tydens die middelmeting 'n insinking van 1,7% getoon. 'n Moontlike rede hiervoor is dat hy eers werklik insig in sy sosialisering ontwikkel het nadat sy bewustheid deur middel van die intervensieprogram verhoog is. Hy het egter tydens sy nameting 'n verbetering ten opsigte van sy sosialisering getoon. Dit is ook uit figuur 8.6 duidelik dat Chris se emosionele funksionering die laagste is van al vier die skale. Die groot mate van spanning en angstigtheid wat hy as die oudste kind en as die Gesinsheld beleef, is dus duidelik. Sy onvermoë om homself te aanvaar en te vergewe, sy vrees vir mislukking, sy verlies aan 'n gevoel van beheer en sy onderdrukking en ontkenning van sy ware gevoelens hou ook moontlik met hierdie relatief lae skaal verband. Die goeie vordering wat hy ten opsigte van sy emosionele funksionering gemaak het (14%), is egter positief. Hoewel Chris by geleentheid as 'n seun met min selfvertroue ervaar is, blyk hy volgens die skaal 'n positiewe selfbeeld te hê. Sy selfbeeld het ook na afloop van die intervensieprogram met 5,7% verbeter. Daar was ook 'n 22,9% verbetering in Chris se gedragpatrone. Chris se gemiddelde maatskaplike funksionering was 55,03%, 57,95%, en 68,18% vir sy voor-, sy middel-, en sy nameting onderskeidelik en hy het 'n gemiddelde vordering van 13,15% in sy maatskaplike funksionering na afloop van die intervensieprogram getoon. Dit blyk dus dat Chris beslis baat gevind het by die program.

#### **8.8.1.5 Evaluering van Chris se proses**

Chris is as 'n vriendelike, voorbeeldige, hulpvaardige seun beleef. Hy is iemand wat op homself staatmaak en wat dit moeilik vind om ander te vertrou of om op ander te steun. Hy is ook as 'n ernstige kind beleef wat hoë eise aan homself stel, wat druk op homself plaas om perfek te wees en perfek op te tree en wat mislukking vrees. Die groot mate van spanning en angstigtheid wat Chris as die oudste kind en as die Gesinsheld beleef, is veral vanuit sy emosionele funksionering duidelik. Dit is deel van Chris se proses om voor te gee dat dit goed gaan en om sy hartseer, vrese en onsekerhede agter 'n wye verskeidenheid van positiewe gedragpatrone en prestasies te verberg. Dit is egter ironies, aangesien hierdie positiewe optredes en prestasies uiteindelik daartoe aanleiding gee dat sy gesinslede, sy portuur en sy onderwysers meer en meer op hom staat te maak en hy net nog meer spanning en druk in sy lewe ervaar.

Belangrike aspekte waarby Chris tydens sy terapeutiese proses kon uitkom, hou met sowel sy

insig in sy gevoelens en sy gedrag, as met sy benutting van 'n ondersteuningsnetwerk verband. Chris kon daarin slaag om sy ware gevoelens te identifiseer, te besit en uitdrukking daaraan te gee. Hy het ook besef dat sy hartseer en woede oor sy pa se alkoholmisbruik daartoe aanleiding gee dat hy 'n "alles gaan goed"-beeld voorhou. Die insig wat Chris ten opsigte van 'n ondersteuningsnetwerk ontwikkel het, was veral van waarde. Hy het besef dat daar mense is wat werklik vir hom omgee en wat hom graag wil ondersteun. Die keuse wat hy ten opsigte van die benutting van hierdie ondersteuningsnetwerk het, het hom ook 'n gevoel van beheer laat ervaar aangesien hy sodoende sy onafhanklikheid kon behou en steeds sy "ek is in beheer"-beeld kon voorhou.

### **8.8.2 Kyle**

Kyle, gebore 09/04/1987 en in graad 6, is 'n Engelssprekende seun. Hy is die oudste van twee kinders en sy suster, Susan, het ook by die intervensieprogram ingeskakel. Sy moeder het hom en sy suster sonder sy vader se medewete vir terapie verwys. Sy ouers is getroud. Sy moeder is 'n persoonlike assistent en sy vader is as gevolg van 'n besering medies ongeskik om te werk. Hoewel Kyle goed vaar op sportgebied, is sy akademiese vordering ondergemiddeld. Hy is ook geneig om die leiding te neem wanneer skoolreëls oortree word en hy verontagsaam dikwels die reëls en dissipline in die skool. Kyle word in die skoolopset as 'n kind met negatiewe gedragpatrone ervaar. Die onderwysers was ten tye van Kyle se verwysing onbewus van sy omstandighede tuis. Kyle se pa is reeds vir 'n aantal jare 'n alkoholis. Hy toon geen insig in sy alkoholmisbruik nie en hy het nog nooit vir hulp gegaan nie. Kyle se pa openbaar die tipiese eienskappe van 'n Alfa-alkoholis - hy misbruik alkohol om bepaalde psigologiese redes (om 'n gevoel van depressie en ongelukkigheid te verlig), hy openbaar dikwels onaanvaarbare en negatiewe gedragpatrone wanneer hy onder die invloed van alkohol is (hy raak aggressief teenoor die gesinslede) en hy toon 'n uiterse hoë mate van weerstand teen behandeling (vergelyk paragraaf 2.5.2.1).

#### **8.8.2.1 Kyle se proses**

Kyle se proses word bespreek aan die hand van sy gedrag in die speelkamer, sy kommunikasie, sy kreatiwiteit, sy kognitiewe ontwikkeling, sy sosialisering, sy emosionele funksionering, sy selfbeeld, die rolle wat hy aanneem, die verdedigingsmeganismes en kontakgrensversteurings

wat hy aanwend, en die wyse waarop hy deur sy vlakke van neurose beweeg het.

- **Gedrag in die speelkamer**

Kyle is as 'n vriendelike seun beleef. Hoewel hy dikwels vergeet het om sy individuele sessie by te woon en hoewel hy dikwels laat opgedaag het vir sessies, was hy altyd beleefd in die speelkamer. Hy is ook as opreg ervaar en dit was verrassend om te sien dat hy daarin kon slaag om die navorser volkome in sy vertroue te neem. Geen van die negatiewe gedragspatrone wat hy in die skoolopset openbaar het, was in die speelkamer teenwoordig nie. Hy het sy volle samewerking tydens alle aktiwiteite gegee, hy het die aktiwiteite altyd voltooi en daar was nooit 'n probleem dat hy die grense in die speelkamer oortree het nie.

- **Kommunikasie**

Kyle se kommunikasievaardighede is as ondergemiddeld beleef. Hy het probleme ervaar om sy gedagtes in woorde uit te druk en hy het veel eerder aan aktiwiteite deelgeneem as wat hy op 'n ongestruktureerde wyse met die navorser wou gesels. Die vermoede bestaan dat sy onvermoë om homself doeltreffend in woorde uit te druk 'n bydraende faktor kon wees ten opsigte van sy negatiewe gedragspatrone in die skoolopset.

- **Kreatiwiteit**

Kyle is as 'n kreatiewe seun beleef. Hy het moeite gedoen met sy tekeninge en verf-aktiwiteite en hy het sy tyd geneem om aktiwiteite te voltooi. Hy kon doelgerig te werk gaan en hy het oor die deursettingsvermoë beskik om enduit netjies te werk. Hierdie kreatiwiteit en netheid was beslis teenstrydig met die terugvoer wat van sy onderwysers ontvang is ten opsigte van sy skoolwerk.

- **Kognitiewe ontwikkeling**

Kyle se kognitiewe ontwikkeling was nie altyd kongruent met sy ouderdom en sy lewensfase nie. Hy het probleme ten opsigte van sy kommunikasie ervaar en hoewel hy logies te werk kon gaan en sy volle samewerking kon gee, het hy probleme ervaar om die verband tussen aspekte te begryp en om insig in oorsaaklikheid te toon. Hy het byvoorbeeld min insig daarin getoon dat vuisgevegte met sy portuurgroep die probleme dikwels net vererger en hom in 'n negatiewe lig plaas. Die aggressie in sy gesin en die onvoorspelbaarheid, die onsekerheid en sy ouers se

versuim om 'n positiewe rolmodel daar te stel en om beskikbaar te wees om in sy behoeftes te voorsien, blyk egter met sy gebrek aan insig in oorsaaklikheid verband te hou.

- **Sosialisering**


Kyle was daartoe geneig was om met kinders wat ook negatiewe gedragspatrone openbaar, te sosialiseer. Hy was ook dikwels vriende met ander slagoffers en hy sou tot uiterstes gaan om hulle te beskerm en om lojaal te wees teenoor hulle (vergeelyk paragraaf 4.5). Dit was uit die bespreking oor sy grafiese gesinsbeelding ook duidelik dat hy dikwels sy ma en sy suster teen sy pa se aggressie en woede-uitbarstings probeer beskerm (sessie 3). Hierdie optrede was dikwels ten koste van homself.

- **Emosionele funksionering**

Dit was duidelik dat Kyle gewoon is daaraan om homself te onderhou en dat hy dikwels ook sy ma en suster emosioneel ondersteun. Kyle kon goed daarin slaag om by sy ware gevoelens uit te kom (sessie 7). Tydens die hantering van sy gevoelens het hy gevoelens van vrees, hartseer en eensaamheid geïdentifiseer (vergeelyk figuur 8.7). Hy kon ook daarin slaag om hierdie gevoelens te besit en te hanteer. Kyle het hierdie gevoelens gekoppel aan sy vader se alkoholmisbruik, sy moeder se onvermoë en versuim om sy vader te verlaat, sy suster se geneigdheid om hom (Kyle) te beskuldig sodat sy hul vader se guns kon wen en die onderwysers se negatiewe houding teenoor hom. Dit was uit die gesprek oor sy prent duidelik dat die pleisters in sy skets pyn en hartseer illustreer, dat die dorings in sy arms ten doel het om mense op 'n afstand te hou en dat die drade in sy bene en die klippe in sy voete sy gevoel van magteloosheid en verlies aan beheer illustreer. Kyle het ook die wens uitgespreek dat sy moeder sy vader moes verlaat en hulle sodoende verlos van die pyn en hartseer wat hulle in gesinsverband ervaar.

Kyle het 'n verskeidenheid onvoltooidhede as gevolg van sy vader se alkoholmisbruik ervaar. Twee aspekte wat veral 'n groot impak op sy emosionele funksionering gehad het, was 'n insident waartydens sy besope vader sy (Kyle se) hond ("Hunter") op 'n Saterdagmiddag doodgeskiet het. Hierdie insident het gedurende Julie 1996 plaasgevind. Die hond het in die agterplaas geblaf en sy vader gesteur. "Hunter" was vir Kyle 'n ware vriend en 'n bron van

Figuur 8.7 Kyle se skets oor gevoelens (“The x-ray machine”)



lojaliteit en sekuriteit. Kyle was verpletter en woedend oor wat sy vader gedoen het. Hy het hierdie woede ook op homself gerig - hy was kwaad vir homself omdat hy sy hond nie beter teen sy vader kon beskerm nie. Tydens 'n ander insident in Januarie 1998 het Kyle se vader sy (Kyle se) radio-bandspeler teen die muur stukkend gegooi. ("It was my tape deck, my tape deck!"). Die verlies aan sy radio was vir hom sleg, maar die feit dat dit sy radio, sy besitting was, was vir hom erger. Kyle het sy woede ten opsigte van sy vader weereens op homself gerig en te kenne gegee dat hy sy radio sagter moes gespeel het sodat sy vader dit nie kon hoor nie. Kyle se negatiewe gevoelens ten opsigte van homself en sy pa was oorweldigend. Hy het tydens ses individuele sessies sy pa teen die muur geteken en hom herhaaldelik met klei gegooi. Tydens hierdie geleentheid het hy onder andere die volgende uitsprake gemaak: "Stop fighting with us! I hope the alcohol will kill you! I hate you, I hate you, I hate you!"

- **Selfbeeld**

Kyle is as 'n kind met min selfvertroue beleef. Hy het sy onsekerheid in die skoolopset dikwels agter negatiewe gedragpatrone en luidrugtigheid weggesteek. Die negatiewe terugvoer wat hy so dikwels vanaf sy pa ontvang het, sy onvermoë om sy ma en suster teen sy pa se woede-uitbarstings te beskerm, sy pa se aggressiewe gedrag en die negatiewe terugvoer wat hy dikwels ook in die skoolopset ontvang het, het sy negatiewe evaluering van homself versterk.

- **Rolle wat Kyle aanneem** (vergelyk tabel 4.1)

Dit was duidelik dat Kyle die eienskappe van die rol as Sondebok / Die Uitreageredende Kind aanneem (vergelyk tabel 4.1). Hy is dikwels betrokke in vuisgevegte by die skool en hy sosialiseer met 'n groep kinders wat die skoolreëls oortree. Hy reageer in die skoolopset ook met woede-uitbarstings en aggressie ten einde homself te beskerm en ander op 'n afstand te hou. Kyle openbaar ook eienskappe van 'n negatiewe selfbeeld en selfvernietigende gedrag. Die ironie is dat hy dieselfde gedragpatrone as sy vader, vir wie hy só kwaad voel, openbaar.

- **Verdedigingsmeganismes / kontakgrensversteurings** (vergelyk paragraaf 4.7 en paragraaf 5.3.11 onderskeidelik)

Kyle het sy vader se alkoholmisbruik en die negatiewe invloed wat dit op hul gesin se funksionering het, nooit ontken nie. Kyle is egter uiters impulsief van aard - sy impuls word direk uitgespreek ten einde die meegaande gevoelens en enige denkprosesse rondom die


insident te vermy (uitreagering). Sy gevoelens van hartseer, spanning, woede en vrees manifesteer dikwels ook in sy negatiewe gedragspatrone in die skoolopset. Kyle blyk ook aan negatiewe terugvoer deur sy pa en onderwysers blootgestel te wees en hy openbaar gevolglik dikwels negatiewe gedragspatrone wat ooreenkomstig introjekte is. Die woede wat Kyle ten opsigte van sy pa en onderwysers ervaar, rig hy dikwels ook op homself (retrofleksie).

- **Vlakke van neurose** (vergelyk paragraaf 5.5)

Kyle het reeds vroeg in sy terapeutiese proses daarin geslaag om deur die cliché laag en in die sintetiese laag in te beweeg. Hy het die alkoholmisbruik in sy gesin en sy eie negatiewe gedragspatrone nooit ontken nie. Hoewel hy sy gevoelens van spanning, angs, hartseer en woede onderdruk het, het hy ook nooit voorgegee om iets/iemand te wees wat hy nie werklik is nie. Dit was egter vir hom moeilik om insig in sy negatiewe gedragspatrone te ontwikkel en om te begryp dat hy sy ware gevoelens dikwels deur middel van hierdie negatiewe gedragspatrone probeer verberg. Kyle het reeds tydens die hantering van die roosboomtegniek daarin begin slaag om deur die fobiese laag te beweeg (sessie 6). Hy het 'n enkele roos geteken en alles rondom die roos swart geverf (figuur 8.8). Tydens die gesprek oor sy skets was dit duidelik dat hy uiters eensaam gevoel het en dat hy 'n groot mate van hartseer, spanning, angs en woede beleef het. Hoewel Kyle op daardie stadium nog nie oor die innerlike krag beskik het om sy gevoelens te hanteer nie, kon hy daarin slaag om hierdie gevoelens aan sy vader se alkoholmisbruik en die omstandighede in sy gesin te koppel. Doelbewuste pogings is in die verloop van die terapeutiese proses aangewend om Kyle te ondersteun om sy onvoltooidhede te hanteer en om hom te bemagtig om verantwoordelikheid vir sy eie funksionering te neem. Kyle het tydens die hantering van sy gevoelens (figuur 8.7) daarin geslaag om deur die implosiewe laag te beweeg en om sy ware gevoelens tydens die eksplousiewe laag te hanteer (sessie 7).



Figuur 8.8 Kyle se roosboom




### 8.8.2.2 Kyle se funksionering in groepsverband

Kyle is tydens die groepsessies as 'n leier beleef. Hierdie optrede het moontlik met sy ouderdom en die vertroue wat die navorser in hom gestel het, verband gehou. Dit was vir Kyle van groot waarde om die navorser se goedkeuring en onvoorwaardelike aanvaarding ook in groepsverband te beleef, aangesien sommige kinders in die groep bewus was daarvan dat hy dikwels in die skoolopset as negatief beleef word. Kyle het die groepsessies geniet en doelbewuste pogings aangewend om aanvaarbare gedragpatrone te openbaar.

### 8.8.2.3 Kyle se funksionering in die skoolopset

Kyle is in die skoolopset ervaar as 'n moeilikheidmaker wat negatiewe gedragpatrone openbaar en die skoolreëls oortree. Hy was ongewild onder die onderwysers en slegs kinders wat ook negatiewe gedragpatrone openbaar het, het met hom geassosieer. In figuur 8.9 word Kyle se funksionering in die skoolopset, soos bepaal deur 'n vraelys wat deur sy klasonderwyser voltooi is, weergegee (vergelyk bylae I vir die verwerkte gegewens vanuit die meetinstrument).

Figuur 8.9 Kyle se funksionering in die skoolopset




Kyle het 'n gemiddelde vordering van 10% ten opsigte van sy deelname aan skoolaktiwiteite getoon. Dit is die meeste vordering wat enige van die kinders ten opsigte van 'n skaal in die skoolmeting gemaak het. Uit hierdie goeie vordering kan afgelei word dat Kyle beter in die skoolopset begin aanpas het en dat sy portuurgroep en sy onderwysers hom begin betrek het. Sy skoolbywoning was konstant by 'n meting van 60% en hy het 'n 10% vordering ten opsigte van sy gedrag in die skoolopset getoon. Hierdie vordering in sy gedrag het moontlik ook 'n positiewe bydrae tot sy deelname in die skoolopset gelever. 'n Konstante meting van 40% is ten opsigte van sy selfbeeld aangetoon. Kyle het 'n gemiddelde vordering van 10% in sy funksionering in die skoolopset getoon. Hierdie vordering was saam met Marie se vordering die hoogste gemiddelde vordering vir die skoolmeting.

#### 8.8.2.4 Kyle se maatskaplike funksionering

Kyle se maatskaplike funksionering is tydens 'n voor-, 'n middel- en 'n nameting aan die hand van 'n selfontwerpte vraelys bepaal. Hierdie meetinstrument was op sy sosialisering, sy emosionele funksionering, sy selfbeeld en sy gedrag van toepassing. Kyle se maatskaplike funksionering word aan die hand van figuur 8.10 bespreek (vergelyk bylae I vir die verwerkte gegewens).

Figuur 8.10 Kyle se maatskaplike funksionering



Dit is uit figuur 8.10 duidelik dat Kyle se maatskaplike funksionering ten opsigte van al die onderskeie skale verbeter het. Sy sosialisering het vanaf 46,7% tydens die voormeting met 11,6% verbeter tot 58,3% tydens die nameting. Die groepsessies en die aanvaarding wat hy in groepsverband beleef het, het vermoedelik met hierdie vordering verband gehou. Sy emosionele funksionering het tydens die middelmeting 'n insinking van 2% getoon. Hierdie insinking is moontlik as gevolg van die fobiese laag waarin hy tydens die middelmeting verkeer het. Tydens hierdie meting was Kyle bewus van sy hartseer, sy vrese, sy angs en sy woede, maar hy was nog nie innerlik sterk genoeg om dit te hanteer nie. Kyle het egter na afloop van die intervensieprogram 'n 4% vordering in sy emosionele funksionering in sy nameting getoon. Kyle, wat eienskappe van 'n negatiewe selfbeeld en selfvernietigende gedrag openbaar het, se meting ten opsigte van sy selfbeeld was gemiddeld in vergelyking met die ander laerskoolkinders wat by die studie betrek is. Hy het 'n vordering van 8,5% getoon ten opsigte van sy selfbeeld na afloop van die intervensieprogram. Die meeste vordering wat Kyle in sy maatskaplike funksionering gemaak het, het met sy gedrag verband gehou. Kyle het 'n konstante verbetering in sy gedrag getoon en tydens die nameting is 'n vordering van 14,2% in sy gedrag aangedui. Hierdie verbetering in sy gedrag was positief, aangesien dit moontlik daartoe aanleiding sal gee dat hy minder negatiewe terugvoer in die skoolopset sal ontvang. Kyle se gemiddelde maatskaplike funksionering was onderskeidelik 46,55%; 50,43%; en 56,13% vir sy voor-, sy middel- en sy nameting. Hy het 'n gemiddelde vordering van 9,58% in sy maatskaplike funksionering getoon na afloop van die intervensieprogram. Dit blyk dus dat Kyle baat gevind het by die program.

#### **8.8.2.5      Evaluering van Kyle se proses**

Kyle is as 'n vriendelike seun beleef. Hoewel hy negatiewe gedragspatrone in die skoolopset openbaar en as 'n "moeilikheidsmaker" bestempel is, is geen probleme in die speelkamer met sy gedrag of sy gesindheid beleef nie. Die negatiewe gedragspatrone wat hy in die skoolopset aanwend, hou verband met sy onvermoë om ander te vertrou en het ten doel homself te beskerm en om ander op 'n afstand te hou. Dit is egter ironies, aangesien hy juis die aandag op homself vestig en homself aan negatiewe aandag blootstel wanneer hy negatiewe gedragspatrone openbaar. Kyle plaas verder ook druk op homself deurdat hy sy ma en sy suster teen sy pa se woede-uitbarstings probeer beskerm. Die impak wat Kyle se pa se aggressiewe gedragspatrone op sy (Kyle se) funksionering het, is veral duidelik in sy proses.

Kyle is geneig tot retrofleksie en openbaar self ook aggressiewe gedragpatrone.

Die aanvaarding en ondersteuning wat Kyle tydens die terapeutiese proses ontvang het, het veral groot waarde vir hom ingehou. Hy het tot die besef gekom dat hy wel êrens inpas en dat sy beleving van vrees, hartseer, woede en eensaamheid eie is aan die kind van die alkoholis. Hoewel daar veral klem gelê was op konflikhantering en probleemoplossing, het Kyle steeds min insig in sy negatiewe gedragpatrone openbaar. Dit was vir hom moeilik om te begryp dat vuisgevegte die omstandighede dikwels vererger en dat daar beter maniere is om geskille op te los. Dit moet egter in gedagte gehou word dat geskille in die alkoholisgesin selde deur redenering en besprekings opgelos word en dat aggressie dikwels die uiteinde tydens konflik is. Kyle word ook in sy gesin gesosialiseer om aggressief te wees, aangesien dit in sy gesin die norm is om konflik op te los.

### **8.8.3 Susan**

Susan, gebore 28/09/1989 en in die spesiale klas, is 'n Engelssprekende dogter. Sy is die jongste van twee kinders en haar ouer broer Kyle het ook by die intervensieprogram ingeskakel. Susan is weens 'n ondergemiddelde intelligensie en leerprobleme in die spesiale klas. Sy neem aan geen sportaktiwiteite deel nie en sy is vriende met kinders wat jonger is as syself. Sy word in die skoolopset as vriendelik beleef en sy wend doelbewuste pogings aan om haar onderwyseres tevrede te stel en om ander se guns te wen. Susan is dikwels afwesig. Die skool was ten tye van haar verwysing onbewus van haar omstandighede tuis. Die inligting oor haar gesin en haar vader se alkoholmisbruik is reeds onder paragraaf 8.8.2 by Kyle bespreek.

#### **8.8.3.1 Susan se proses**

Susan se proses word bespreek aan die hand van haar gedrag in die speelkamer, haar kommunikasie, haar kreatiwiteit, haar kognitiewe ontwikkeling, haar sosialisering, haar emosionele funksionering, haar selfbeeld, die rolle wat sy aanneem, die verdedigingsmeganismes en kontakgrensversteurings wat sy aanwend en die wyse waarop sy deur haar vlakke van neurose beweeg het.

- **Gedrag in die speelkamer**

Susan is as 'n vriendelike dogter beleef. Dit was vir haar belangrik om die navorser se goedkeuring weg te dra en om die navorser se guns te wen. Sy het die navorser ook dikwels in die speelkamer besoek wanneer sy in die middag by die betrokke skool se nasorg fasiliteit was. Hoewel Susan haar volle samewerking tydens al die aktiwiteite gegee het, was sy dikwels huiwerig om aan die aktiwiteite deel te neem. Sy was dikwels gespanne en sy het mislukking gevrees. Susan was ook dikwels ontevrede met die sketse of prente wat sy voltooi het.

- **Kommunikasie**

Susan se kommunikasievaardighede is as ondergemiddeld beleef. Hoewel sy graag met die navorser gekommunikeer het, het sy probleme ervaar om haar gedagtes te verbaliseer. Die vermoede bestaan dat haar onvermoë om haarself doeltreffend in woorde uit te druk, verband hou met haar intellektuele funksionering.

- **Kreatiwiteit**

Susan se onsekerheid en haar gebrek aan selfvertroue om aan 'n aktiwiteit deel te neem, het haar in haar kreatiwiteit gestrem. Sy het ook voortdurend aan die navorser gevra of sy 'n aktiwiteit reg doen. Susan het dikwels die prente wat teen die mure geplak was, nageboots sonder om haar eie skepping te maak.

- **Kognitiewe ontwikkeling**

Susan se kognitiewe ontwikkeling was nie kongruent met haar ouderdom en haar lewensfase nie. Haar ondergemiddelde intellektuele funksionering, haar leerprobleme, die omstandighede tuis en haar onvermoë om haarself in woorde uit te druk, het haar kognitiewe ontwikkeling moontlik belemmer. Susan het probleme ondervind om aktiwiteite doelgerig en logies te beplan en af te handel, sy is by geleentheid as egosentries beleef en sy het min insig in oorsaaklikheid getoon. Die vermoede bestaan ook dat sy tuis nie die nodige stimulering ontvang nie.

- **Sosialisering**

Susan het 'n groot behoefte aan aanvaarding en goedkeuring openbaar. Sy het moeite gedoen om die navorser op 'n gereelde basis op 'n ongestruktureerde wyse te besoek. Susan het ook min vriende gehad en indien sy wel met ander kinders gesosialiseer het, was hierdie kinders

altyd jonger as syself. Susan het ook dikwels by die navorser gekla oor kinders wat haar hartseer maak en wat lelik is met haar. Sy het 'n onvermoë getoon om die aandeel wat haar eie gedrag in die konflik met ander kinders gehad het, te begryp. Sy het haarself as die slagoffer gesien en sy het 'n behoefte openbaar om deur die navorser ondersteun en vertroos te word. Susan se onderwyseres het by 'n aantal geleenthede ook genoem dat sy daartoe geneig is om onwaarhede oor ander kinders kwyt te raak en dat sy ander kinders dikwels in 'n negatiewe lig plaas, ten einde aandag te ontvang en die onderwyseres se guns te wen.

- **Emosionele funksionering**

Susan het probleme ervaar om met haar innerlike kontak te maak en om die verband tussen haar ware emosies en die realiteite in haar lewe te begryp. Sy het dikwels na konflik in die gesinsverband verwys, sonder om die aandeel wat haar vader se alkoholmisbruik daarin het, te begryp. Susan het dikwels ook haar ma en Kyle vir die spanning in die huis blameer. Dit was ook uit haar grafiese gesinsbeelding duidelik dat sy haar kommunikasie en emosionele binding op haar vader gerig het en dat sy haar moeder en broer as 'n sub sisteem beskou het (sessie 3). Susan kon by geleentheid daarin slaag om gevoelens van hartseer, spanning en onsekerheid in haar emosionele funksionering te identifiseer. Hierdie gevoelens het sy aan die konflik in gesinsverband en die skool gekoppel. Susan het verder 'n groot behoefte aan aanvaarding getoon en sy het mislukkinge en verwerping gevrees.

- **Selfbeeld**

Susan is as 'n kind met min selfvertroue beleef. Sy was dikwels weens vrees vir mislukking huiwerig om aan aktiwiteite deel te neem en sy was selde tevrede met haar eindproduk wanneer sy geteken of gevef het. Aktiwiteite soos om met klei te speel en 'n sandtoneel te maak, was ook spanningsvol vir haar, aangesien sy selde in die skoolopset of tuis aan sulke aktiwiteite deelgeneem het. Klei en sand was onbekende mediums vir haar. Bordspeletjies en ongestruktureerde spel het haar ook selde laat ontspan en dit het 'n aantal sessies geneem voordat sy gemaklik gevoel het met 'n bepaalde aktiwiteit. Dit was duidelik dat sy 'n aktiwiteit eers werklik begin geniet het nadat sy dit 'n aantal kere herhaal het en sy sodoende begin voel het dat sy dit bemeester het. Hierdie onsekerheid om aan aktiwiteite deel te neem, het die vordering tydens haar terapeutiese proses gestrem.

- **Rolle wat Susan aanneem** (vergelyk tabel 4.1)

Susan het eienskappe van sowel die rol as Verlore/Aanpasbare Kind as die rol van Gelukbringer openbaar. Sy het 'n mate van hulpeloosheid openbaar, sy het min selfvertroue gehad en sy het die omstandighede in die alkoholisgesin aanvaar sonder om dit te wil verander. Susan het dikwels ook die aandag op haarself gefokus deur eienskappe van afhanklikheid en onskuld te openbaar en sy was nie in kontak met haar innerlike en haar behoeftes nie. Sy is dikwels as gespanne beleef en dit was vir haar belangrik om deur die navorser aanvaar te word. Dit was ook duidelik dat sy haar dikwels by haar vader geskaar het en dat sy haar moeder en Kyle vir haar vader se drinkgedrag en die konflik in die gesin blameer het.

- **Verdedigingsmeganismes / Kontakgrensversteurings** (vergelyk paragraaf 4.7 en paragraaf 5.3.11 onderskeidelik)

Susan het die realiteit van die alkoholmisbruik in haar gesin ontken en sy het regressie in haar gedrag getoon ten einde meer aandag en vertroosting te ontvang. Susan was ook geneig om haar onsekerhede en die hartseer wat sy in gesinsverband ervaar het op veral haar moeder te projekteer, en sy het haar moeder en Kyle vir die spanning in gesinsverband blameer. Susan het ook van blokkering gebruik gemaak om haar gevoelens te onderdruk en sodoende verligting van haar hartseer en ongelukkigheid te vind. Sy het ook dikwels van defleksie gebruik gemaak om die realiteit te vermy en het deur middel van desensitisasie kontak met haarself en die wêreld verbreek.

- **Vlakke van neurose** (vergelyk paragraaf 5.5)

Susan het vir 'n groot gedeelte van haar terapeutiese proses 'n onvermoë openbaar om deur haar cliché laag en haar sintetiese laag te beweeg. Sy het nie oor die insig en die innerlike krag beskik om die invloed wat haar vader se alkoholmisbruik op haar gesin en op haar eie funksionering gehad het, te begryp nie. Sy was ook nie gemotiveerd om verantwoordelikheid vir haar eie funksionering te neem en om haar onvoltooidhede te identifiseer en af te handel nie. Tydens skeppende spel het Susan daarin geslaag om met haar innerlike kontak te maak



Figuur 8.11 Susan se skets van 'n grot



(sessie 9). Sy het 'n skets gemaak waarin sy en haar ma in 'n grot was (figuur 8.11). Hulle was veilig in die grot terwyl 'n storm buite gewoed het. Sy het ook Aladdin se lamp geteken wat "magic powers" gehad het. Tydens 'n gesprek oor haar prent en die hantering van haar projeksies en die polariteite in haar skets, het Susan daarin geslaag om haar behoeftes aan veiligheid en voorspelbaarheid uit te spreek. Sy het tydens hierdie sessie besef dat haar vader se alkoholmisbruik nie net 'n negatiewe invloed op die gesin as 'n sisteem het nie, maar dat dit haar ook bang, hartseer en onveilig laat voel. Hoewel sy steeds haar ma en Kyle gedeeltelik vir die konflik in haar gesin blameer het, kon Susan insig daarin ontwikkel dat die spanning en onsekerheid in haar gesin ook 'n bepaalde invloed op haar funksionering het. Sy kon haar gevoelens hanteer en sy is bemaatig om 'n ondersteuningsnetwerk te identifiseer. Susan het na afloop van die gesprek 'n rooi lyn rondom die grot getrek om haarself en haar ma teen die storm te beskerm en haarself sodoende te onderhou.


### **8.8.3.2 Susan se funksionering in groepsverband**

Susan was aanvanklik stil en onseker van haarself tydens die groepsessies. Sy was aanvanklik ook gespanne en het min aan die gesprekke deelgeneem. Nadat die groepslede haar ondersteun het en aangemoedig het tot deelname het Susan egter daarin begin slaag om insette te lewer en om in die groep te ontspan.

### **8.8.3.3 Susan se funksionering in die skoolopset**

Susan is in die skoolopset as 'n stil kind beleef. Sy het min maats gehad en sy het dit verkies om eerder tyd saam met haar onderwyseres deur te bring as om met die kinders te sosialiseer. Susan was ook daartoe geneig om ander kinders by die onderwyseres in 'n slegte lig te plaas en sy het dikwels by die onderwyseres gekla dat die kinders met haar baklei. Susan se funksionering in die skoolopset word in figuur 8.12, weergegee (vergelyk bylae I vir die verwerkte gegewens vanuit die meetinstrument).

Figuur 8.12 Susan se funksionering in die skoolopset




Susan se funksionering in die skoolopset was naas dié van Chris die hoogste van al die respondente. Sy het 'n gemiddelde meting van 60% tydens haar voormeting behaal en 'n gemiddelde van 65% is tydens haar nameting gemeet. 'n 5% styging in haar skoolfunksionering is na afloop van die intervensieprogram getoon. Daar moet egter in gedagte gehou word dat Susan se vrees vir verwerping daartoe aanleiding gee dat sy doen wat van haar verwag word en dat sy selde enige reëls oortree, aangesien sy selde sosialiseer en aan die daaglikse stoutighede deelneem. Sy bevind haarself ook in 'n kleiner klas as die norm en daar is dus meer geleentheid vir die aansprek van die kinders se individuele behoeftes. Susan het 5% vordering ten opsigte van haar deelname aan skoolaktiwiteite getoon en 10% vordering ten opsigte van haar gedragpatrone in die skoolopset. Dit blyk dus dat sy daarin begin slaag het om tussen haar maats en in die skoolopset te begin inpas. Geen vordering is na afloop van die intervensieprogram ten opsigte van haar skoolbywoning en haar selfbeeld aangetoon nie.

#### 8.8.3.4 Susan se maatskaplike funksionering

Susan se maatskaplike funksionering is tydens 'n voor-, 'n middel- en 'n nameting aan die hand van 'n selfontwerpte vraelys bepaal. Hierdie meetinstrument was op haar sosialisering, haar emosionele funksionering, haar selfbeeld en haar gedrag van toepassing. Susan se maatskaplike funksionering word aan die hand van figuur 8.13 bespreek (vergelyk bylae I vir die verwerkte gegewens).

Figuur 8.13 Susan se maatskaplike funksionering



Dit is uit figuur 8.13 duidelik dat Susan se maatskaplike funksionering ten opsigte van al die onderskeie skale verbeter het. Haar sosialisering het tydens die middelmeting geen vordering getoon nie, maar na afloop van die intervensieprogram is 'n toename van 11,7% aangedui. Dit was uit terugvoer deur haar onderwyseres duidelik dat Susan gedurende September 1999 daarin geslaag het om met 'n nuwe kind in haar klas maats te maak. Dit wil voorkom asof hierdie vriendskap tesame met die identifisering van 'n ondersteuningsnetwerk en die groepsessies 'n positiewe bydrae ten opsigte van haar sosiale funksionering gelewer het. Susan se emosionele funksionering het 'n insinking van 4% tydens haar middelmeting getoon. Hierdie

insinking hou moontlik met die verhoging in haar bewustheid en die hantering van haar verdedigingsmeganismes verband. Nadat sy tot die insig gekom het dat haar vader se alkoholmisbruik 'n negatiewe invloed op haar gesin en veral op haar eie funksionering het, het Susan lank in die fobiese laag vertoef alvorens sy die energie en innerlike krag kon vind om deur te beweeg na die implosiewe laag. Susan het tydens die nameting 'n verbetering van 18% ten opsigte van haar emosionele funksionering getoon. Susan wat eienskappe van 'n negatiewe selfbeeld en min selfvertroue toon, se selfbeeld het egter in die meting redelik positief daar uitgesien. Sy het onderskeidelik 54,3%, 57,1% en 68,6% ten opsigte van haar voor-, middel- en nameting ten opsigte van selfbeeld gehad. Die feit dat sy daarin kon slaag om aktiwiteite in die speelkamer te bemeester, het moontlik ook 'n positiewe bydrae tot haar selfbeeld gelewer. Die goeie vordering wat sy ook ten opsigte van haar selfbeeld gemaak het, was positief. Hoewel Susan se gedrag tydens die voor- sowel as die nameting die laagste persentasies van al die skale in haar maatskaplike funksionering behaal het, het sy die meeste vordering ten opsigte van haar gedrag getoon, naamlik 'n styging van 25,7%. Die vermoede bestaan dat die aanvaarding en goedkeuring wat sy tydens sowel die individuele sessies as die groepsessies ontvang het, 'n positiewe bydrae tot haar gedrag gelewer het. Hierdie aanvaarding en goedkeuring het haar minder desperaat gemaak om ander se guns te wen en sy kon daarin slaag om meer positiewe gedragspatrone aan te leer. Susan se gemiddelde maatskaplike funksionering was onderskeidelik 44,8%, 46,63% en 62,23% vir haar voor-, middel- en nameting. Sy het 'n gemiddelde vordering van 17,43% in haar maatskaplike funksionering getoon na afloop van die intervensieprogram. Dit wil dus blyk asof Susan by die intervensieprogram gebaat het. Hoewel dit dikwels tydens Susan se terapeutiese proses voorgekom het asof sy min vordering gemaak het, blyk dit tog dat die selfhelende funksie van spel en die ondersteunende aard van die terapeutiese verhouding nie onderskat moet word nie en dat dit 'n positiewe bydrae tot haar maatskaplike funksionering gelewer het.

#### **8.8.3.5 Evaluering van Susan se proses**

Susan is as 'n vriendelike dogter beleef. Sy was dikwels onseker van haarself en dit was vir haar belangrik om die navorser se guns en goedkeuring te verwerf. Hoewel Susan daarin kon slaag om gevoelens van vrees, hartseer en onveiligheid te identifiseer, het sy relatief min insig in haar pa se alkoholmisbruik getoon. Susan was deurlopend daartoe geneig om haar beleving van spanning en onsekerheid aan die konflik in hul huishouding en die konflik met haar

portuurgroep toe te skryf, sonder om die alkoholmisbruik ook as 'n oorsaaklike faktor in berekening te bring. Susan het veral gebaat by die individuele aandag wat sy tydens die terapeutiese proses ontvang het. Dit was vir haar 'n positiewe belewenis dat iemand werklik in haar belang gestel het en dat sy die navorser se onverdeelde aandag tydens die individuele sessies kon opeis. Haar selfbeeld en selfvertroue kon ook deur middel van die terapeutiese proses uitgebrei word en Susan kon daarin slaag om keuses te begin maak en om 'n mate van beheer in haar funksionering te ervaar.

#### **8.8.4 Dean**

Dean, gebore 22/08/1990 en in graad 4, is 'n Engelssprekende seun. Hy is die oudste van twee seuns. Dean se onderwyseres het hom vir die intervensieprogram verwys en sy moeder het hom gevolglik sonder sy vader se medewete vir die terapeutiese proses ingeskakel. Dean se ouers is reeds sedert Maart 1997 geskei en beide seuns woon by hul moeder. Dean besoek sy vader gedurende naweke en vakansies en hy word tydens hierdie periodes aan sy vader se alkoholmisbruik blootgestel. Dean se moeder is 'n haarkapster en sy vader is in die motorbedryf. Dean vaar gemiddeld op sportgebied, maar hy is ongemotiveerd om sy samewerking op akademiese gebied te gee. Dean is dikwels in die skoolopset in die moeilikheid, aangesien hy voortdurend die reëls oortree en in konflik met ander kinders betrokke is. Hy word in die skool as 'n kind met negatiewe gedragpatrone beskou en hy is selfs in die betrokke woonbuurt bekend vir sy onaanvaarbare gedrag (hy het saam met 'n groep vriende inwoners van die buurt se tuine beskadig). Die skool was ten tye van sy verwysing, onbewus van die alkoholmisbruik tuis. Dean se vader is reeds vir 'n aantal jare 'n alkoholis en sy alkoholmisbruik het aanleiding gegee tot die ouers se egskeiding. Hy toon geen insig in sy alkoholmisbruik nie en hy het nog nooit vir hulp gegaan nie. Dean se vader is geneig om saam met sy broer (Dean se oom) en 'n aantal vriende alkohol te misbruik en onsedelike gedrag gaan dikwels ook met hierdie drinkepisodes gepaard. Dean se vader openbaar die tipiese eienskappe van 'n Epsilon-alkoholis - hy misbruik alkohol periodiek sonder dat 'n vasgestelde patroon in sy alkoholmisbruik waarneembaar is. Die Epsilon-alkoholis word in paragraaf 2.5.2.5 as die tipiese naweek-dronkaard omskryf.

#### **8.8.4.1 Dean se proses**

Dean se proses word bespreek aan die hand van sy gedrag in die speelkamer, sy kommunikasie, sy kreatiwiteit, sy kognitiewe ontwikkeling, sy sosialisering, sy emosionele funksionering, sy selfbeeld, die rolle wat hy aanneem, die verdedigingsmeganismes en kontakgrensversteurings wat hy aanwend en die wyse waarop hy deur sy vlakke van neurose beweeg het.

- **Gedrag in die speelkamer**

Dean is aanvanklik as 'n uitdagende seun beleef wat die grense in die speelkamer doelbewus oortree het om 'n reaksie by die navorser te ontlok. Dean se groot behoefte aan beheer was prominent is sy optrede in die speelkamer. Hy het dikwels weerstand getoon om aan aktiwiteite deel te neem en hy was aanvanklik ongemotiveerd om by die intervensieprogram in te skakel. Namate Dean die nodige ruimte in die speelkamer gebied is en toestemming ontvang het om weerstand te toon, het sy gedrag in die speelkamer stelselmatig begin verbeter. Dean het uiteindelik daarin geslaag om sy volle samewerking te gee en om homself en die navorser te aanvaar en te vertrou.

- **Kommunikasie**

Dean het oor goeie kommunikasievaardighede beskik. Hy kon maklik sy mening lug en sy gedagtes uitspreek. Sy kommunikasie teenoor die navorser was aanvanklik uiters negatief en afbrekend van aard en hy het dikwels doelbewuste pogings aangewend om die onderwerp te verander of om reaksie uit te lok deur van kragwoorde gebruik te maak. Nadat Dean se bewustheid verhoog is en hy ondersteun en bemagtig is om sy onvoltooidhede te hanteer, het hy goed daarin geslaag om sy ware gevoelens te kommunikeer.

- **Kreatiwiteit**

Dit was aanvanklik deel van Dean se proses om weerstand te toon om aan aktiwiteite deel te neem en om halfhartige pogings aan te wend wanneer hy wel aan 'n aktiwiteit deelgeneem het. Namate Dean se terapeutiese proses egter gevorder het, het sy kreatiwiteit na vore getree. Hy is uiteindelik as 'n kreatiewe seun beleef, wat 'n aktiwiteit goed kon beplan en dit logies kon voltooi. Hy het dit ook geniet om die leiding te neem en om voorstelle te maak. Dean het dit veral geniet om met die handpoppe te speel en hy het met 'n groot verskeidenheid vertellings na vore gekom.

- **Kognitiewe ontwikkeling**

Dean se kognitiewe ontwikkeling was kongruent met sy ouderdom en sy lewensfase. Hy kon sy gedagtes maklik in woorde uitdruk, hy kon aktiwiteite beplan en logies te werk gaan, hy kon die verband tussen aspekte begryp en hy het insig in oorsaaklikheid getoon. Dean kon aan die einde van sy terapeutiese proses selfs daarin slaag om die verband tussen sy ouers se egskeiding en sy vader se alkoholmisbruik en die invloed wat dit op sy eie funksionering het, te verstaan.

- **Sosialisering**

Dean was daartoe geneig was om met kinders wat ook negatiewe gedragpatrone openbaar, te sosialiseer. Hy was dikwels betrokke by konflik tussen kinders en hy was bekend daarvoor om die opstoker te wees. Hy was dikwels aggressief teenoor ander kinders en hy was daartoe geneig om veral sy jonger broer af te knou. Sy negatiewe houding teenoor die navorser het mettertyd verander en dit was duidelik dat hy dit later geniet het om na die speelkamer te kom en om met die navorser oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe te gesels.


- **Emosionele funksionering**

Dit was duidelik dat Dean gewoon is daaraan om homself te onderhou deur sy ware gevoelens te onderdruk en deur sy spanning, sy hartseer en sy vrese agter sy uitdagende en aggressiewe gedragpatrone te verberg. Sy ongelukkigheid het dus in sy negatiewe gedragpatrone gemanifesteer. Hierdie gedragpatrone het hom net verder in die moeilikheid gebring en daartoe aanleiding gegee dat hy net nog meer geïsoleerd geraak het. Sy ongemaksvlak is hierdeur dus net nog verder verhoog.

Dean het egter goeie vordering ten opsigte van sy emosionele funksionering getoon. Hy het tydens sessie 7 daarin geslaag om vier van die gevoelens wat hy die meeste van die tyd ervaar, te identifiseer (figuur 8.14). Hy kon ook daarin slaag om hierdie gevoelens te omskryf en aan te dui wanneer en waarom hy so voel. Dean is bemagtig en ondersteun om sy gevoelens te besit en dit te hanteer. Hy het sy gevoelens van blydskap aan sy hond en sy ouma gekoppel. Dit was ook uit sy grafiese gesinsbeelding duidelik dat hy geheg is aan sy ouma (sessie 3).



Figuur 8.14 Dean se skets oor gevoelens



Dean het gevoelens van hartseer aan sy vader se alkoholmisbruik en sy moeder se bekommernis weens finansiële druk gekoppel. Hy het ook skuldgevoelens ten opsigte van sy moeder se bekommernis oor hul finansies ervaar. Dean het verder gevoelens van vrees en onsekerheid gekoppel aan sy naweke en vakansies, wanneer hy en sy broer by hul vader kuier. Hy het te kenne gegee dat hulle nooit weet wanneer hul vader gaan drink nie en wat gaan gebeur wanneer hy wel besope is nie. “When they start drinking, they never stop. We once filled the cans with water, but it only made them go mad. Sometimes they sit outside and everyone can see how they drink. They are loud when they drink, they swear and smoke and sometimes they get sick without even going to the bathroom. They get sick right there without cleaning it. Then they sleep and we only sit there the whole weekend and do nothing.” Dean het sy gevoelens van woede aan sy vader se alkoholmisbruik en die onderwysers gekoppel. Sy vader se drinkgedrag het hom ontstel en kwaad gemaak. Dean het ook gevoel dat die onderwysers onnodig negatief is teenoor hom en dat hulle dikwels aanvaar dat hy die sondebok is, sonder om hom geleentheid te gee om sy kant van die saak te stel.

- **Selfbeeld**

Dean het eienskappe van ‘n negatiewe selfbeeld getoon. Hy het min selfvertroue gehad en hy het sy onsekerheid agter bravade, aggressie en grootpraterigheid weggesteek. Dean het egter probleme ervaar om in homself te glo en om homself te aanvaar. Dit was duidelik dat sy negatiewe beleving van sy vader ook ‘n negatiewe impak op sy eie identiteit gehad het. Die negatiewe terugvoer wat hy weens sy onaanvaarbare gedragpatrone in die skoolopset ontvang het, het sy selfvertroue verder afgebreek.

- **Rolle wat Dean aanneem** (vergelyk tabel 4.1)

Dit was duidelik dat Dean die eienskappe van die rol as Sondebok / DieUitreageredende Kind aanneem. Hy is dikwels betrokke by konflik by die skool en hy sosialiseer met ‘n groep kinders wat die skoolreëls oortree. Hy reageer in die skoolopset ook met woede-uitbarstings en aggressie ten einde homself te beskerm en ander op ‘n afstand te hou. Dean openbaar ook eienskappe van ‘n negatiewe selfbeeld.

- **Verdedigingsmeganismes / Kontakgrensversteurings** (vergelyk paragraaf 4.7 en paragraaf 5.11.3 onderskeidelik)

Dean het sy vader se alkoholmisbruik en die negatiewe invloed wat dit op sy funksionering het, nooit ontken nie. Dean is egter uiters impulsief van aard - sy impuls word direk uitgespreek ten einde die meegaande gevoelens en enige denkprosesse rondom die insident te vermy (uitreagering). Sy gevoelens van hartseer, spanning, woede en ongelukkigheid manifesteer dikwels ook in sy negatiewe gedragspatrone in die skoolopset en dit is dikwels ook 'n reaksie op die negatiewe terugvoer wat hy in die skoolopset ontvang (introjekte).


- **Vlakke van neurose** (vergelyk paragraaf 5.5)

Dean het aanvanklik baie weerstand ten opsigte van die intervensieprogram getoon. Hy het voorgegee om uiters sterk en in beheer van omstandighede te wees en hy het die navorser doelbewus deur middel van sy negatiewe houding op 'n afstand probeer hou. Namate sy bewustheid egter verhoog is en hy daarin kon slaag om 'n vertrouensverhouding met die navorser aan te gaan, het hy sy ware self laat deurskemer en sodoende deur die cliché laag en die sintetiese laag beweeg. Nadat hy herhaaldelik toestemming vir sy weerstand ontvang het en die nodige ruimte gegun is om 'n mate van beheer te begin ervaar en keuses te maak, kon Dean ook deur die fobiese laag beweeg en met sy ware self kontak begin maak. Tydens die hantering van die roosboomtegniek het hy daarin begin slaag om homself te onderhou (sessie 6). Dean het sy roos in die see geteken (figuur 8.15). 'n Storm het oor die see gewoed en 'n vis het die roos na die bodem probeer trek. Dean het gevoelens van vrees en magteloosheid en 'n verlies aan beheer aan die roosboom gekoppel. Tydens die hantering van sy projeksies en die polariteite, het Dean daarin geslaag om sy projeksies te besit. Hy het hierdie negatiewe ervarings aan sy vader en die alkoholmisbruik gekoppel. Dean is ondersteun en bemaagtig om homself te onderhou. Hy het na afloop van die gesprek daarin geslaag om homself te onderhou. Dean het 'n prent met sonskyn, 'n walvis en Engeland geteken (figuur 8.16). In hierdie prent het 'n walvis hom gered en hom op sy (Dean se) versoek na Engeland geneem. Sy moeder en sy broer (ook as rose) het hy in Engeland geplaas. Dit was uit die gesprek duidelik dat Dean se moeder van Engeland afkomstig is en dat sy besig was om voorbereiding te tref om na Engeland te verhuis. Dit was duidelik dat Dean tydens die betrokke sessie daarin kon slaag om deur die implosiewe en die eksplosiewe lae te beweeg - hy kon sy gevoelens identifiseer en besit en hy het planne begin maak om kontak met sy pa te vermy.

Figuur 8.15 Dean se roosboom



Figuur 8.16 Dean se skets nadat die onvoltooidhede tydens 'n gesprek oor sy roosboom hanteer is




#### 8.8.4.2 Dean se funksionering in groepsverband

Dean was aanvanklik ook in groepsverband uitdagend en hy het doelbewuste pogings aangewend om die harmonie in die groep te versteur (hy het byvoorbeeld geweier om saam met die res van die groep aan aktiwiteite deel te neem). Namate sy terapeutiese proses gevorder het, het hy egter sy volle samewerking in groepsverband begin gee. Dean het aan die einde van die terapeutiese proses daarin geslaag om insette te lewer en hy het tydens die terminering met die spreker geïdentifiseer. Die spreker was ook as kind blootgestel aan ouerlike alkoholisme en hy was as volwassene (en as 'n ouer) self vir nege jaar van alkohol afhanklik.

#### 8.8.4.3 Dean se funksionering in die skoolopset

Dean is in die skoolopset ervaar as 'n moeilikheidmaker wat negatiewe gedragspatrone openbaar en die skoolreëls oortree. Hy was ongewild onder die onderwysers en slegs kinders wat ook negatiewe gedragspatrone openbaar het, het met hom geassosieer. In figuur 8.17 word Dean se funksionering in die skoolopset, soos bepaal deur 'n vraelys wat deur sy klasonderwyser voltooi is, weergegee (vergeelyk bylae I vir die verwerkte gegewens vanuit die meetinstrument).

Figuur 8.17 Dean se funksionering in die skoolopset




Dean het slegs ten opsigte van sy gedrag ‘n vordering van 20% in sy funksionering in die skoolopset getoon. Sy deelname aan skoolaktiwiteite, sy skoolbywoning en sy selfbeeld was konstant tussen die voor- en nameting. Dean se funksionering in die skoolopset was tydens die voor- en die nameting die laagste van al die respondente en die onderwysers se negatiewe beleving van hom is deur hierdie meting bevestig. Hoewel Dean ‘n relatief lae funksionering in die skoolopset gehandhaaf het, wil dit uit die goeie vordering wat hy ten opsigte van sy gedrag getoon het, voorkom asof hy wel by die intervensieprogram gebaat het.

#### 8.8.4.4 Dean se maatskaplike funksionering

Dean se maatskaplike funksionering is tydens ‘n voor-, ‘n middel-, en ‘n na-meting aan die hand van ‘n selfontwerpte vraelys bepaal. Hierdie meetinstrument was op sy sosialisering, sy emosionele funksionering, sy selfbeeld, en sy gedrag van toepassing. Dean se maatskaplike funksionering word aan die hand van figuur 8.18 bespreek (vergelyk Bylae I vir die verwerkte gegewens).

Figuur 8.18 Dean se maatskaplike funksionering



Dit is uit figuur 8.18 duidelik dat Dean se maatskaplike funksionering ten opsigte van al die skale verbeter het. Sy sosialisering het vanaf 48,3% tydens die voormeting met 13,4% verbeter tot 61,7% tydens die nameting. Die vermoede bestaan dat die onvoorwaardelike aanvaarding wat Dean tydens die individuele en die groepsessies ervaar het 'n positiewe bydrae tot sy sosialisering gelever het. Sy emosionele funksionering het geen verandering tydens die middelmeting aangedui nie, maar 'n styging van 12% is in die nameting aangedui. Dit was duidelik dat die identifisering en die besit en hantering van sy gevoelens 'n positiewe bydrae tot sy emosionele funksionering gelever het. Dean wat eienskappe van 'n negatiewe selfbeeld en min selfvertroue openbaar het, se meting ten opsigte van sy selfbeeld was naas Abby en Marie se metings die laagste. Hy het egter 'n vordering van 17,1% ten opsigte van sy selfbeeld getoon na afloop van die intervensieprogram. Die opmerklikste vordering wat Dean in sy maatskaplike funksionering gemaak het, het dan ook met sy selfbeeld verband gehou en hierdie vordering was die mees opvallende vordering wat ten opsigte van al die kinders se selfbeeldmetings behaal is. Dean het verder ook 'n konstante verbetering in sy gedrag getoon. Tydens die nameting is 'n vordering van 14,2% in sy gedrag aangedui. Hierdie verbetering in sy gedrag was positief, aangesien dit moontlik daartoe aanleiding sal gee dat hy minder negatiewe terugvoer in die skoolopset sal ontvang. Dean se gemiddelde maatskaplike funksionering was onderskeidelik 45,53%, 51,03% en 59,7% vir sy voor-, sy middel- en sy nameting. Hy het 'n gemiddelde vordering van 14,17% in sy maatskaplike funksionering getoon na afloop van die intervensieprogram. Dit wil dus blyk asof Dean baat gevind het by die program.

#### **8.8.4.5 Evaluering van Dean se proses**

Dean was aanvanklik daarop uit om die grense in die speelkamer te toets en om die harmonie in groepsverband te versteur. Hy kon egter na 'n geruime tyd daarin slaag om sy volle samewerking te gee en om die navorser te vertrou. Sy groot behoefte aan beheer was veral prominent in sy weerstand. Doelbewuste pogings is aangewend om sy bewustheid te verhoog en om keuses aan hom te stel. Dean kon daarin slaag om insig in sy negatiewe gedragpatrone te ontwikkel en om die verband tussen sy gedrag en die ouerlike alkoholisme te begryp. Dean het veral gebaat by die onvoorwaardelike aanvaarding en die ruimte en keuses wat hy tydens die terapeutiese proses ontvang het en by die vertroue wat die navorser en die groep in hom gestel het. Sy onderdrukte gevoelens van hartseer, woede en vrees, wat aanleiding gee tot sy negatiewe gedragpatrone, kon ook sinvol hanteer word. Dit wil voorkom asof Dean se



selfbeeld na afloop van die intervensieprogram verbeter het. Dit was positief, aangesien sy negatiewe selfbeeld ook aanleiding gee tot sy uitdagende en grootpraterige houding wat hom in die skoolopset ongewild maak.

### **8.8.5 Marie**

Marie, gebore 26/02/1991 en in graad 3, is 'n Afrikaanssprekende dogter. Sy is die enigste kind in haar gesin. Marie se vader het haar sonder haar moeder se medewete by die intervensieprogram ingeskakel. Marie se ouers is getroud. Marie se moeder is 'n kassier in 'n kettingwinkel en haar vader is 'n onderwyser. Haar vader is selde tuis aangesien hy 'n besige program het en na ure aan die Technikon studeer. Marie vaar gemiddeld op akademiese en sportgebied in die skool. Sy het egter geen maats nie en sy is weens haar manipulerende houding voortdurend in konflik met ander kinders. Marie is ook geneig om aggressief te raak teenoor die kinders in haar klas. Wanneer sy wel met ander kinders gespeel het, was hierdie kinders altyd jonger as syself. Die skool was ten tye van haar verwysing onbewus van haar omstandighede tuis. Marie se moeder is reeds 'n aantal jare lank 'n alkoholis. Marie se materne oupa het as gevolg van sy strawwe drinkgedrag gesterf en Marie se materne oom is ook 'n alkoholis. Haar moeder toon geen insig in haar alkoholmisbruik nie en sy het nog nooit vir hulp gegaan nie. Sy wend doelbewuste pogings aan om haar drinkgedrag vir haar eggenoot weg te steek. Sy gooi byvoorbeeld alkohol by die lemoensap en gee sodoende voor om lemoensap te drink. Sy steek ook haar bottels alkohol in die toiletbak weg en drink in die geheim wanneer sy voorgee om die badkamer te gebruik. Marie se moeder openbaar die tipiese eienskappe van 'n Alfa-alkoholis - sy openbaar 'n volgehoue psigologiese afhanklikheid van alkohol en alkohol word aangewend om 'n mate van verligting ten opsigte van haar emosionele onvoltooidhede te bied. Sy openbaar ook negatiewe gedragpatrone wanneer sy onder die invloed van alkohol is (vergelyk paragraaf 2.5.2.1).

#### **8.8.5.1 Marie se proses**

Marie se proses word bespreek aan die hand van haar gedrag in die speelkamer, haar kommunikasie, haar kreatiwiteit, haar kognitiewe ontwikkeling, haar sosialisering, haar emosionele funksionering, haar selfbeeld, die rolle wat sy aanneem, die verdedigingsmeganismes en kontakgrensversteurings wat sy aanwend en die wyse waarop sy deur haar vlakke van

neurose beweeg het.

- **Gedrag in die speelkamer**

Marie is as 'n gespanne en 'n manipulerende dogter beleef. Dit was vir haar moeilik om haar beurt af te wag tydens ongestruktureerde spel en sy het die navorser voortdurend voorgesê wat om te doen. Sy was ook daartoe geneig om weerstand te toon indien sy 'n mate van ongemak beleef het of indien haar individuele sessie in speltherapie nie plaasgevind het soos wat sy dit graag wou hê nie. Marie het selfs nadat 'n vertrouensverhouding gevestig was manipulerend opgetree. Haar groot behoefte aan beheer was opvallend.

- **Kommunikasie**

Marie het oor redelike goeie kommunikasievaardighede beskik. Sy kon haar gedagtes in woorde uitdruk en die gesprek rig. Sy kon na 'n geruime tyd ook daarin slaag om haar gevoelens te kommunikeer. Die belangstelling wat die navorser in haar gesprekke getoon het, was vir Marie soos 'n onwerklikheid. Dit was vir haar 'n uiters positiewe ervaring indien die navorser bloot met haar oor alledaagse gebeure gesels het. Dit was duidelik dat Marie 'n groot behoefte aan belangstelling en aandag gehad het.

- **Kreatiwiteit**

Marie is as 'n kreatiewe dogter beleef. Sy het graag tydens verf-aktiwiteite met lyne en kleure geëksperimenteer en sy het daarop aangedring om tydens die meeste sessies aan skeppende spel deel te neem. Dit was uit die aantal prente en briefies wat sy oor verloop van tyd as geskenke vir die navorser gebring het duidelik dat sy ook in haar vrye tyd graag teken en skryf.

- **Kognitiewe ontwikkeling**

Marie se kognitiewe ontwikkeling was kongruent met haar ouderdom en haar lewensfase. Sy het daarin geslaag om haar gedagtes in woorde uit te druk, sy het insig in oorsaaklikheid getoon en sy het dikwels uiters netjies en logies te werk gegaan wanneer sy aan aktiwiteite deelgeneem het. Dit was vir Marie belangrik om 'n aktiwiteit suksesvol te voltooi en sy het eienskappe van perfeksionisme in haar optrede getoon. Marie se onvermoë om sinvol te sosialiseer, was egter duidelik en sy is dikwels as egosentriek en manipulerend beleef.

- **Sosialisering**

Marie het 'n groot behoefte aan aanvaarding en goedkeuring openbaar. Sy het moeite gedoen om die navorser op 'n gereelde basis op 'n ongestruktureerde wyse te besoek en om briefies wat sy geskryf het en prente wat sy geteken het vir die navorser te bring. Marie het haar skoolboeke ook dikwels vir die navorser kom wys. Marie het weens haar manipulerende gedrag en haar aggressie teenoor ander kinders min vriende gehad. Indien sy wel met ander kinders gesosialiseer het, was hierdie kinders altyd jonger as syself. Marie het ook dikwels by die navorser gekla oor kinders wat haar hartseer maak en wat lelik is met haar. Sy het 'n onvermoë getoon om die aandeel wat haar eie gedrag in die konflik met ander kinders gehad het, te begryp. Die feit dat sy die enigste kind was, het ook veroorsaak dat sy nooit in gesinsverband tussen sibbe geleer het om sinvol te sosialiseer nie.

- **Emosionele funksionering**

Dit was vir Marie weens haar geneigdheid om haar ware gevoelens te onderdruk, uiters moeilik om werklik met haar innerlike kontak te maak. Dit het ook 'n aantal weke geneem voordat sy daarin kon slaag om die navorser werklik te vertrou. Marie se onvermoë om sinvol te sosialiseer, was vir 'n geruime tyd op haar voorgrond, voordat sy oor die innerlike krag beskik het om op die realiteit van haar moeder se alkoholmisbruik te fokus. Haar onvermoë om maats te maak was veral prominent tydens die hantering van die roosboomtegniek (sessie 6). Sy het 'n sonnige dag geteken (figuur 8.19). Haar roosboom het in 'n speelpark gestaan. Marie kon daarin slaag om haar gevoelens van eensaamheid in sowel die skoolopset as tuis te identifiseer. Sy kon hierdie gevoelens ook besit en hanteer, maar sy het min insig getoon in haar eie aandeel in kinders se huiwering om met haar maats te wees. Marie het op daardie stadium ook nie besef dat haar ma se alkoholmisbruik daartoe aanleiding gee dat beide haar ouers met die alkoholmisbruik gepreokkuperd is nie, dat hierdie preokkupasie aanleiding gee tot haar ouers se versuim om in haar behoeftes te voorsien en dat dit uiteindelik tot haar gevoel van eensaamheid lei.

Figuur 8.19 Marie se roosboom



Soos wat Marie se terapeutiese proses gevorder het, het sy die realiteite van die alkoholmisbruik in haar gesin begin hanteer. Dit was egter opvallend dat Marie meer negatief oor haar vader as die nie-alkoholis ouer gevoel het as ten opsigte van haar moeder, die alkoholis. Tydens die hantering van haar monster in sessie 9 het Marie haar vader as die monster in haar lewe geïdentifiseer (figuur 8.20). Tydens die gesprek oor haar monster het sy te kenne gegee dat haar vader geneig is om met haar moeder te baklei en dat haar vader voortdurend kwaad is. Marie het onder andere die volgende stellings gemaak tydens die hantering van haar monster: “Die dogtertjie voel bang en hartseer”, “Die monster baklei”, “Die dogtertjie hou regtig-egtig nie van die monster nie”, “Die monster skree” en “Die dogtertjie kruip in haar kamer weg”. Dit was duidelik dat dit vir Marie makliker was om met haar besope moeder saam te leef as wat dit vir haar was om met haar vader wat kwaad en ongelukkig gevoel het, saam te leef.

- **Selfbeeld**

Marie was by geleentheid as gespanne beleef en sy was weens vrees vir mislukking soms huiwerig om aan aktiwiteite deel te neem. Marie het somtyds min selfvertroue openbaar. Die feit dat niemand met haar wou maats wees nie en die negatiewe terugvoer wat sy dikwels in die skoolopset as gevolg van haar onaanvaarbare gedragpatrone ontvang het, het haar selfbeeld net verder afgebreek.

- **Rolle wat Marie aanneem** (vergelyk tabel 4.1)

Marie het ‘n kombinasie van rolle aangewend. Sy het somtyds weens haar negatiewe gedragpatrone, haar woede-uitbarstings en haar manipulerende houding die eienskappe van Die Sondebok / Die Uitreagerende Kind openbaar. Marie het egter by tye ook ‘n mate van hulpeloosheid openbaar, sy het min selfvertroue gehad en sy het die omstandighede in haar gesin dikwels aanvaar sonder om dit te wil verander. Hierdie eienskappe is eie aan die rol van die Verlore / Aanpasbare Kind. Marie is dikwels ook as gespanne beleef en dit was vir haar belangrik om deur die navorser aanvaar te word. Dit was ook duidelik dat sy haar dikwels by haar moeder geskaar het en dat sy haar vader vir haar moeder se alkoholmisbruik blameer het.



Figuur 8.20 Marie se monster




- **Verdedigingsmeganismes / Kontakgrensversteurings** (vergelyk paragraaf 4.7 en paragraaf 5.11.3 onderskeidelik)

Marie het die realiteit van die alkoholmisbruik in haar gesin aanvanklik ontken. Sy het haar ware gevoelens dikwels onderdruk en geblokkeer ten einde sodoende tydelike verligting ten opsigte van haar pyn en hartseer te vind. Sy het ook deur middel van desensitisasie gepoog om kontak met haarself en die wêreld te vermy. Marie het haarself dikwels ook op die ergste voorberei en die omstandighede in die gesin aanvaar (antisipasie). Haar geneigdheid om ander kinders te manipuleer en haar oormatige pogings om gebeure en omstandighede te beheer en te reguleer, het op kontrolering gedui.

- **Vlakke van neurose** (vergelyk paragraaf 5.5)

Marie het vir 'n groot gedeelte van haar terapeutiese proses 'n onvermoë openbaar om deur haar cliché laag en haar sintetiese laag te beweeg. Sy het nie oor die insig en die innerlike krag beskik om die invloed wat haar moeder se alkoholmisbruik op haar gesin en op haar eie funksionering gehad het, te begryp nie. Sy was ook nie gemotiveerd om verantwoordelikheid vir haar eie funksionering te neem en om haar onvoltooidhede te identifiseer en af te handel nie. Dit was vir haar makliker om haar gevoelens te onderdruk en om kontak met die realiteit te vermy. Soos wat Marie se bewustheid verhoog is, het sy al hoe meer ongemak en angstigtheid ervaar. Dit het ook 'n geruime tyd geneem voordat Marie haarself en die navorser genoeg vertrou het om deur die fobiese laag te beweeg en aan haar onvoltooidhede te begin werk. Tydens die hantering van haar monster het sy begin om haar ware gevoelens te besit en te hanteer (sessie 9). Haar gevoelens ten opsigte van haar moeder se alkoholmisbruik het sy tydens 'n aktiwiteit oor die polariteite in haar gesin hanteer (sessie 11). Tydens die gesprek oor die polariteite in haar gesin het Marie haarself en haar ouers geteken wat saam dans (figuur 8.21). Sy het te kenne gegee dat dit ook lekker is wanneer haar vader haar moeder kielie en wanneer hulle as gesin saam lag. Marie het ook op die konflik tussen haar ouers gefokus. Sy het gevoelens van hartseer en eensaamheid aan hierdie konflik tussen haar ouers gekoppel en haar moeder se alkoholmisbruik vir die eerste maal as 'n oorsaaklike faktor ten opsigte van hierdie konflik geïdentifiseer. Marie het slegs haar kamerdeur in hierdie gedeelte van die prent geteken en te kenne gegee dat sy in haar kamer wegkruip wanneer haar ouers baklei. Marie het tydens hierdie sessie daarin geslaag om met haar ware gevoelens kontak te maak en deur die implosiewe laag te beweeg.

Figuur 8.21 'n Skets oor die polariteite in Marie se lewe





Tydens die hantering van ondersteuningsnetwerke en die aanleer van positiewe sosialiseringvaardighede tydens sessies 11 en 12 het Marie deur die eksplosiewe laag beweeg en nie net meer positiewe gedragspatrone ingeoefen nie, maar ook geleer om haarself te onderhou. Sy het tydens die aanwending van handpoppe daadwerklike pogings aangewend om meer positiewe wyses van sosialisering aan te leer. Sy was gemotiveerd om 'n positiewe verandering ten opsigte van haar manipulerende houding en haar negatiewe gedragspatrone te maak.


#### **8.8.5.2 Marie se funksionering in groepsverband**

Marie was aanvanklik stil en onseker van haarself tydens die groepsessies. Sy was aanvanklik ook geneig om haarself te onttrek. Soos wat sy in die groep begin ontspan het, het sy begin om die groepslede te manipuleer en sommige van haar negatiewe gedragspatrone was prominent in haar optrede in die groep. Die groep was egter 'n veilige oefengeleentheid waar Marie met nuwe gedragspatrone kon eksperimenteer en nuwe vaardighede kon aanleer.

#### **8.8.5.3 Marie se funksionering in die skoolopset**

Marie is in die skoolopset as 'n manipulerende kind beleef. Sy was dikwels in konflik met ander kinders betrokke en sy het min maats gehad. Marie het dit ook verkies om eerder tyd saam met haar onderwyseres deur te bring as om met die kinders te sosialiseer. Marie se funksionering in die skoolopset word in figuur 8.22 weergegee (vergelyk bylae I vir die verwerkte gegewens vanuit die meetinstrument).

Figuur 8.22 Marie se funksionering in die skoolopset




Dit is uit figuur 8.22 duidelik dat Marie tesame met Dean die laagste gemiddelde skoolmeting tydens die voormeting behaal het (35%). Die onderwysers se negatiewe beleving van Marie se manipulerende houding, haar ongewildheid onder haar maats en haar negatiewe gedragpatrone is dus deur die betrokke meting bevestig. Marie het egter 'n 15% vordering ten opsigte van haar deelname in skoolaktiwiteite getoon. Dit kom dus voor asof sy wel daarin begin slaag om by haar portuurgroep en in die skoolopset in te skakel. 'n Vordering van 10% is ook in haar gedrag aangetoon. Geen vordering is egter ten opsigte van haar skoolbywoning en haar selfbeeld aangedui nie.

#### 8.8.5.4 Marie se maatskaplike funksionering

Marie se maatskaplike funksionering is tydens 'n voor-, 'n middel- en 'n nameting aan die hand van 'n selfontwerpte vraelys bepaal. Hierdie meetinstrument was op haar sosialisering, haar emosionele funksionering, haar selfbeeld en haar gedrag van toepassing. Marie se maatskaplike funksionering word aan die hand van figuur 8.23 bespreek (vergelyk bylae I vir die verwerkte gegewens).

Figuur 8.23 Marie se maatskaplike funksionering



Dit is uit figuur 8.23 duidelik dat Marie se maatskaplike funksionering ten opsigte van al die skale verbeter het. Marie het die meeste vordering van al die respondente in haar sosialisering getoon. Hierdie vordering in haar sosialisering is ooreenkomstig die goeie vordering wat in haar skoolmeting ten opsigte van haar deelname in skoolaktiwiteite getoon is. Haar sosialisering het vanaf 30% tydens die voormeting gestyg tot sy 'n telling van 60% tydens haar nameting behaal het. Hierdie goeie vordering in haar sosialisering was uiters positief aangesien sy moontlik die vaardighede om vriendskappe aan te gaan en in stand te hou, begin bemeester het. Marie se emosionele funksionering het geen verandering tydens die middelmeting aangedui nie, maar 'n styging van 14% is in die nameting aangedui. Dit was duidelik dat die identifisering en die besit en hantering van haar gevoelens 'n positiewe bydrae tot haar emosionele funksionering gelewer het. Marie wat eienskappe van 'n negatiewe selfbeeld en min selfvertroue openbaar het, se selfbeeld was tydens die voormeting saam met Abby se meting die laagste vir al die respondente. Sy het egter 'n vordering van 14,2% ten opsigte van haar selfbeeld getoon na afloop van die intervensieprogram. Marie het verder deurgaans 'n verbetering ten opsigte van haar gedrag getoon. Tydens die nameting is 'n vordering van 22,8% in haar gedrag aangedui. Hierdie verbetering in haar gedrag was positief, aangesien dit

moontlik daartoe aanleiding sal gee dat sy minder negatiewe terugvoer van die onderwysers en haar klasmaats sal ontvang. Marie se gemiddelde maatskaplike funksionering was onderskeidelik 39.95%, 44.15% en 60.2% vir haar voor-, middel- en nameting. Sy het 'n gemiddelde vordering van 20.25% in haar maatskaplike funksionering getoon na afloop van die intervensieprogram. Hierdie gemiddelde vordering was naas die van Abby die meeste vir al die respondente. Indien Marie se die goeie vordering ten opsigte van haar maatskaplike funksionering in gedagte gehou word, wil dit dus blyk asof sy by die intervensieprogram gebaat het.

#### **8.8.5.5 Evaluering van Marie se proses**

Marie was geneig om egosentries op te tree en om manipulerend te wees. Sy het selfs as een van die jongste lede van die groep gepoog om die groep te manipuleer. Dit het 'n geruime tyd geneem alvorens Marie insig in hierdie gedragpatrone begin ontwikkel het en voordat sy keuses kon maak om alternatiewe gedragpatrone aan te leer en om verantwoordelikheid vir haar manipulerende en aggressiewe gedragpatrone te neem. Dit was tydens die terapeutiese proses ook uiters moeilik om 'n vertrouensverhouding met Marie aan te gaan, aangesien sy die navorser doelbewus op 'n afstand probeer hou het en die terapeutiese verhouding probeer manipuleer het. Haar groot behoefte aan aandag en ondersteuning was veral prominent in die gereelde ongestruktureerde besoeke wat sy aan die speelkamer gemaak het en die gereelde briefies en notas wat sy vir die navorser gebring het.

Marie was vir 'n geruime tyd glad nie in kontak met haar ware gevoelens nie. Sy het haar pa vir haar ma se alkoholmisbruik blameer en sy het haar vrese, hartseer en onsekerheid agter 'n aggressiewe en vyandige houding weggesteek. Marie het egter daarin geslaag om insig in haar ma se alkoholmisbruik te ontwikkel en om die aandeel wat die alkoholmisbruik ten opsigte van die huwelikskonflik het, te begryp. Die groepsessies was ook veral van waarde. Dit het as 'n veilige oefengeleentheid gedien om met nuwe gedragpatrone te eksperimenteer en geleentheid aan Marie gebied om te leer om verantwoordelikheid vir haar optrede te aanvaar.

Marie kon uiteindelik ook daarin slaag om haar ondersteuningsnetwerk te benut.

### **8.8.6 Abby**

Abby, gebore 06/03/1991 en in graad 3, is 'n Engelssprekende dogter. Haar vader het, nadat hy die onderwyser van die omstandighede tuis ingelig het, Abby sonder haar moeder se medewete vir die terapeutiese proses ingeskakel. Abby se ouers is getroud. Haar moeder werk by 'n finansiële instansie en haar vader is in bemarking. Sy is die jongste van twee dogters. Abby word as 'n stil kind in die skoolopset ervaar en sy vaar gemiddeld op akademiese gebied. Sy neem aan geen sportaktiwiteite deel nie. Abby se moeder is reeds 'n aantal jare lank 'n alkoholis. Sy was gedurende die periode tussen 1996-1997 sober nadat sy by 'n rehabilitasieprogram ingeskakel het, maar sy het aan die begin van 1998 teruggeval in haar drinkgedrag. Abby se materne oupa is ook 'n alkoholis. Abby se moeder openbaar die tipiese eienskappe van die Alfa-alkoholis - sy openbaar 'n volgehoue psigologiese afhanklikheid van alkohol en alkohol word aangewend om 'n mate van verligting ten opsigte van haar emosionele onvoltooidhede te bied. Sy openbaar ook negatiewe gedragspatrone wanneer sy onder die invloed van alkohol is (vergelyk paragraaf 2.5.2.1).

#### **8.8.6.1 Abby se proses**

Abby se proses word bespreek aan die hand van haar gedrag in die speelkamer, haar kommunikasie, haar kreatiwiteit, haar kognitiewe ontwikkeling, haar sosialisering, haar emosionele funksionering, haar selfbeeld, die rolle wat sy aanneem, die verdedigingsmeganismes en kontakgrensversteurings wat sy aanwend en die wyse waarop sy deur haar vlakke van neurose beweeg het.

- **Gedrag in die speelkamer**

Abby is beleef as 'n stil, gespanne kind wat geneig was om haarself te isoleer. Sy was dikwels onseker van haarself en sy het probleme ervaar om besluite te neem en keuses te maak. Abby kon ook nie daarin slaag om die leiding tydens aktiwiteite te neem nie. Dit was duidelik dat sy probleme ervaar het om die navorser te vertrou en dat sy nie oor die innerlike krag beskik het om haarself te onderhou nie. Abby was as hulpvaardig en voorbeeldig beleef en sy het haar volle samewerking tydens al die aktiwiteite gegee.

- **Kommunikasie**

Aangesien Abby geneig was om haarself te isoleer, was dit aanvanklik moeilik om met haar kontak te maak. Sy was dikwels ook gereserveerd in haar optrede en sy het sorgvuldig oor haar stellings gedink voordat sy uiting aan haar gedagtes gegee het. Namate Abby daarin kon slaag om die navorser in haar vertrouwe te neem, het haar kommunikasie met die navorser ook verbeter.

- **Kreatiwiteit**

Abby se huiwering om aan aktiwiteite deel te neem en haar gereserveerde houding het haar dikwels in haar kreatiwiteit gestrem. Sy het aktiwiteite dikwels bloot afgehandel sonder dat sy werklik moeite gedoen het om haar individualiteit daarin te laat geld. Abby het dit ook moeilik gevind om self te besluit wat om te teken, te verf of met die klei te maak. Sy het die navorser dikwels versoek om presies aan haar te sê wat om tydens die aktiwiteit te doen.

- **Kognitiewe ontwikkeling**

Dit was weens Abby se gereserveerde houding moeilik om haar kognitiewe funksionering waar te neem. Dit was egter duidelik dat Abby huiwerig was om die leiding te neem of om besluite en keuses te maak. Sy het wel daarin geslaag om die verband tussen haar ma se alkoholmisbruik en die spanning in haar gesin te begryp. Sy het ook tot die insig gekom dat die alkoholmisbruik 'n negatiewe invloed op haar funksionering het. Abby was verder daartoe geneig om met ander persone saam te stem sonder om haar eie opinie te lug.

- **Sosialisering**

Hoewel Abby op skool redelik gewild was onder haar portuur en die personeel, was sy steeds daartoe geneig om haarself te isoleer. Sy het gevolglik min vriende gehad en dit wou voorkom asof sy dit ook so verkies het. Sy het ook nooit in haar projeksies 'n behoefte aan maats of vriendskap getoon nie.

- **Emosionele funksionering**

Hoewel Abby vriendelik teenoor die navorser was en haar samewerking gegee het, was dit vir haar moeilik om die navorser in haar vertrouwe te neem. Abby het verkies om haarself te onttrek en haarself te onderhou. Dit was duidelik dat sy nie geweet het hoe om ander se hulp en

ondersteuning te benut nie. Hierdie onvermoë om iemand te vertrou, is eie aan die kind van die alkoholis (vergelyk paragraaf 3.6.2). Dit was verder uiters moeilik vir Abby om by haar ware gevoelens uit te kom - sy het nie geweet wat sy voel nie en sy kon ook nie uitdrukking aan haar gevoelens gee nie (vergelyk paragraaf 4.5).

- **Selfbeeld**

Abby is as 'n kind met min selfvertroue ervaar en sy het eienskappe van 'n negatiewe selfbeeld getoon. Abby was dikwels onseker van haarself, dit was vir haar moeilik om besluite te neem en keuses te maak, sy het gesukkel om die leiding tydens aktiwiteite te neem en sy was selde trots op haar tekeninge of verwerk. Abby was dikwels ook gespanne as sy aan aktiwiteite moes deelneem aangesien sy gevrees het dat sy dit verkeerd en/of nie goed genoeg sou doen nie.

- **Rolle wat Abby aanneem** (vergelyk tabel 4.1)

Dit was duidelik dat Abby die rol as Die Verlore Kind / Die Aanpasbare Kind aanneem. Sy was geneig om haarself uit die samelewing te isoleer en sy het enige fokus op haar probeer vermy. Abby het ook 'n gevoel van hulpeloosheid openbaar en dit was duidelik dat sy die omstandighede in die gesin aanvaar het sonder iets daaromtrent te probeer verander. In die skoolopset het Abby gemiddeld presteer en sy het take uitgevoer sonder om te protesteer of vrae te vra. Haar onvermoë om haar mening te lug en om haar behoeftes te identifiseer en uitdrukking daaraan te gee, was ook prominent in haar funksionering.

- **Verdedigingsmeganismes / kontakgrensversteurings** (vergelyk paragraaf 4.7 en paragraaf 5.11.3. onderskeidelik)

Abby het aanvanklik ontken dat haar moeder se alkoholmisbruik werklik 'n probleem was en sy het doelbewuste pogings aangewend om haar ware gevoelens te blokkeer en te onderdruk. Hy het soms ook haar gevoelens geblokkeer sodat sy tydelike verligting ten opsigte van die pyn en spanning in haar lewe kon verkry. Abby was ook geneig tot samevloeiing en sy kon nie self besluite neem of keuses maak nie. Sy het veel eerder gedoen wat van haar verwag word, sonder om iets te bevraagteken. Hierdie onvermoë om standpunt in te neem en om haar eie gevolgtrekkings te maak, het ook veroorsaak dat sy maklik aan introjekte blootgestel is en dat sy inligting aanvaar sonder om dit te verwerk.

- **Vlakke van neurose** (vergelyk paragraaf 5.5)

Abby het vir 'n groot gedeelte van haar terapeutiese proses voorgegee dat alles pluis is in haar lewe en sy het geen behoefte aan ondersteuning of hulp openbaar nie. Sy het die navorser doelbewus op 'n afstand gehou en enige kontak met haar innerlike vermy. Tydens die hantering van haar lewenspadkaart het Abby erken dat haar moeder geneig is tot alkoholmisbruik en dat daar voortdurend konflik tussen haar ouers plaasvind (sessie 5). Dit was duidelik dat sy haar van hierdie konflik onttrek het en dat sy haar gevoelens in hierdie verband onderdruk het. Nadat sy aan die navorser en haarself erken het dat die spanning in haar gesin met haar moeder se alkoholmisbruik verband hou, het Abby vir 'n geruime tyd in die fobiese laag verkeer. Dit het 'n aantal sessies geneem voordat Abby daarin kon slaag om genoeg innerlike krag op te bou om met haar ware gevoelens kontak te maak. Abby het tydens haar sandtoneel in sessie 9 daarin geslaag om die realiteite in haar lewe te identifiseer, te besit en te hanteer (figuur 8.24). Haar sandtoneel het uit 'n verskeidenheid diere, 'n klein hondjie en 'n monster bestaan. Tydens die hantering van haar sandtoneel het Abby gevoelens van hartseer en magteloosheid op die hondjie geprojekteer. Nadat daar op die polariteite gefokus was, het Abby ook by gevoelens van woede uitgekom. Aangesien sy so 'n groot behoefte aan 'n ondersteunende ouer gehad het, het sy haar woede op die alkohol gerig en nie op haar ma wat sy aanvanklik as die monster in die sandtoneel uitgewys het nie. Abby wou geen verandering in haar sandtoneel maak om haarself te probeer onderhou nie. Sy het die volgende te kenne gegee: "That's the way it is. We can't change it." Abby is ondersteun en sy het geleentheid gekry om van haar woede ontslae te raak deur 'n bottel op die muur te teken en dit herhaaldelik met klei te gooi.

#### **8.8.6.2 Abby se funksionering in groepsverband**

Abby was geneig om haarself van die groep te onttrek en doelbewuste pogings moes aangewend word om haar te betrek. Sy was huiwerig om insette te lewer en sy het selde aan die besprekings deelgeneem. Daar moet egter in gedagte gehou word dat sy een van die jongste kinders in die groep was. Dit is te verwagte dat sy moontlik skaam en stil sal wees. Abby het egter oor verloop van tyd begin om die groepsessies te geniet en die samehorigheidsgevoel in groepsverband het haar gehelp om te ontspan. Abby kon in groepsverband ook leer om die ondersteuning van ander te aanvaar en te benut.




Figuur 8.24 Abby se sandtoneel



### 8.8.6.3 Abby se funksionering in die skoolopset

Abby is in die skoolopset as 'n stil kind ervaar. Sy het nooit enige reëls oortree nie, sy het altyd op 'n aanvaarbare wyse opgetree en haar doen en late het die onderwysers se goedkeuring weggedra. In figuur 8.25 word Abby se funksionering in die skoolopset, soos bepaal deur 'n vraelys wat deur haar klasonderwyser voltooi is, weergegee (vergelyk bylae I vir die verwerkte gegewens vanuit die meetinstrument).

Figuur 8.25 Abby se funksionering in die skoolopset




Dit is uit figuur 8.25 duidelik dat Abby na afloop van die intervensieprogram slegs 'n vordering van 5% in haar deelname aan skoolaktiwiteite getoon het. Geen ander vordering is ten opsigte van haar skoolmeting aangetoon nie. 'n Moontlike rede vir die versuim om vordering in die ander gebiede van Abby se funksionering in die skoolopset aan te dui, is haar geneigdheid om haarself te isoleer en take te voltooi sonder om iets te bevraagteken. Sy openbaar ook selde negatiewe gedragspatrone en gevolglik word sy eenvoudig nooit raak gesien nie. Dit is dus dalk moeilik om 'n verandering in haar funksionering in die skoolopset waar te neem.

#### 8.8.6.4 Abby se maatskaplike funksionering

Abby se maatskaplike funksionering is tydens 'n voor-, 'n middel- en 'n nameting aan die hand van 'n selfontwerpte vraelys bepaal. Hierdie meetinstrument was op haar sosialisering, haar emosionele funksionering, haar selfbeeld en haar gedrag van toepassing. Abby se maatskaplike funksionering word aan die hand van figuur 8.26 bespreek (vergelyk bylae I vir die verwerkte gegewens).

Figuur 8.26 Abby se maatskaplike funksionering



Dit is uit figuur 8.26 duidelik dat Abby se maatskaplike funksionering ten opsigte van al die onderskeie skale verbeter het. Abby het naas Marie die tweede grootste vordering in haar sosialisering getoon. Haar sosialisering het met 25% gestyg. Moontlike redes vir hierdie vordering hou met die groepsessies verband - Abby kon 'n groepsverband 'n samehorigheidsgevoel ervaar en sy is in groepsverband ondersteun en tot deelname gemotiveer. Dit is uit figuur 8.26 duidelik dat Abby ook goeie vordering ten opsigte van haar emosionele funksionering gemaak het. Tussen haar voor- en middelmeting het sy slegs 'n vordering van 2% getoon, maar soos wat haar terapeutiese proses gevorder het, was daar 'n vordering van 18% tussen haar middel- en nameting. Hierdie vordering na afloop van die middelmeting hou moontlik met haar sandtoneel verband (figuur 8.24). Tydens die hantering van Abby se sandtoneel het sy daarin geslaag om deur die fobiese laag te beweeg en om werklik met haar ware gevoelens kontak te maak, dit te besit en dit te hanteer. Hierdie sessie het na afloop van haar middelmeting plaasgevind. Abby het die minste vordering ten opsigte van al die verskillende skale in haar selfbeeld gemaak. Sy het 'n vordering van 8.5% in haar selfbeeld getoon. Die meeste vordering wat Abby gemaak het, het met haar gedrag verband gehou. Sy het onderskeidelik 25.7%, 31.4%% en 54.3% in die voor-, middel- en nameting ten opsigte van

haar gedrag behaal. 'n Gemiddelde vordering van 28.6% is dus behaal, wat meer was as wat enige van die ander respondente ten opsigte van hul gemiddelde vordering in gedrag getoon het. Hierdie vordering dui veral daarop dat Abby na afloop van die intervensieprogram minder hulpeloos gevoel het en dat sy daartoe in staat was om die ondersteuning wat ander aan haar bied sinvol aan te wend. Abby se gemiddelde maatskaplike funksionering was 31.73%, 36.15%, en 52.25% vir haar voor-, middel- en nameting onderskeidelik en sy het 'n gemiddelde vordering van 20.52% in haar maatskaplike funksionering getoon na afloop van die intervensieprogram. Hierdie gemiddelde vordering in haar maatskaplike funksionering was meer as enige van die ander respondente se gemiddelde metings vir hul maatskaplike funksionering. Dit lyk dus dat Abby beslis baat gevind het by die program.


#### **8.8.6.5 Evaluering van Abby se proses**

Abby is aanvanklik as 'n stil en gereserveerde kind beleef. Sy was dikwels gespanne tydens die individuele en die groepsessies en hoewel sy haar volle samewerking gegee het, het sy dit verkies om geïsoleerd te funksioneer. Abby kon na verloop van tyd daarin slaag om die navorser te begin vertrou. Sy het aanvanklik ook 'n onvermoë getoon om besluite te neem en om keuses te maak. Hoewel Abby aanvanklik beleef is as 'n passiewe kind wat oor 'n lae energie vlak beskik het, was dit tydens die hantering van haar sandtoneel verrassend om waar te neem hoeveel verskuilde energie en woede in haar funksionering aanwesig was. Abby kon daarin slaag om van hierdie negatiewe energie ontslae te raak en om insig in haar ma se alkoholmisbruik te ontwikkel. Sy het haar woede veral op die alkohol wat haar ma misbruik, gerig. Abby het met verloop van tyd ook daarin geslaag om meer betrokke by die groep te raak en om die ondersteuning wat die navorser en die groep aan haar gebied het, te verwelkom en te benut. Dit was egter deurlopend duidelik dat dit deel van Abby se proses is om 'n alleenloper te wees en om so ongemerk as moontlik deur die lewe te beweeg.

### **8.9 VERGELYKENDE INTERPRETASIE VAN GEGEWENS**

Figuur 8.27 dui die respondente se funksionering in die skoolopset op grond van die verwerkte gegewens van die voormeting en die nameting aan.

Figuur 8.27 Algehele skoolmeting



Marie het 'n gemiddelde vordering van 10% in haar funksionering in die skoolopset getoon en tydens die nameting 45% behaal. Hierdie vordering van 10% was ook meer as die gemiddelde vordering van 5% wat die respondente ten opsigte van hul funksionering in die skoolopset gemaak het. Dit blyk uit Marie se vordering dat die intervensieprogram 'n positiewe impak op haar funksionering in die skoolopset gehad het.

Dit is uit figuur 8.27 duidelik dat Chris se funksionering bo die funksionering van die ander respondente uitstyg. Die gemiddelde vir die respondente se funksionering in die skoolopset tydens die voormeting was 50% en 55% by die nameting. Chris se funksionering was daarteenoor 82,5% en 82,5% onderskeidelik. Die feit dat Chris in die skoolopset goed vaar en op akademiese gebied, in sport en op die gebied van leierseienskappe uitblink, is beslis duidelik uit hierdie figuur. Daar was egter geen verbetering in Chris se funksionering in die skoolopset na afloop van die intervensieprogram nie. Die ander respondente het 'n gemiddelde vordering van 5% in hul funksionering in die skoolopset getoon het. 'n Moontlike rede hiervoor is dat enige verandering in 'n respondent wat so 'n hoë vlak van funksionering soos Chris in die

skoolopset handhaaf, moeilik geïdentifiseer kan word, of andersins dat die intervensieprogram moontlik geen werklike impak op Chris se funksionering in die skoolopset gehad het nie.

Susan se funksionering in die skoolopset was naas Chris s'n die hoogste vir sowel haar voormeting as vir haar nameting en sy het 'n algehele vordering van 5% in haar skoolmeting getoon. Susan se geneigdheid om onderwysers se guns te probeer wen en haar versuim om te sosialiseer en dus saam met ander kinders in die moeilikheid te beland, is moontlik ook 'n rede waarom onderwysers haar as positief beleef en haar funksionering dus as bogemiddeld vir die skoolmeting aangedui is.

Dit is uit figuur 8.27 duidelik dat Kyle se funksionering in die skoolopset die derde laagste skaal tydens die voormeting verteenwoordig. Hy het tydens sy voormeting 'n telling van 40% behaal (die gemiddelde meting vir die voormeting was 50%). Die onderwysers se negatiewe beleving van Kyle word dus deur die skoolmeting bevestig. Kyle het egter goeie vordering ten opsigte van sy funksionering in die skoolopset gemaak en tydens die nameting 'n telling van 50% behaal. Hoewel hierdie telling steeds onder die gemiddelde persentasie van 55% vir die nameting was, het dit beslis op goeie vordering gedui. Kyle het tesame met Marie die meeste vordering van al die kinders ten opsigte van die skoolmeting gemaak (10%). Dit kom dus voor asof die intervensieprogram 'n positiewe uitwerking op Kyle se funksionering in die skoolopset gehad het.

Dean en Marie se funksionering in die skoolopset het die laagste skale tydens die voormeting verteenwoordig. Dean het tydens sy voormeting 'n telling van 35% behaal (die gemiddelde meting vir die voormeting was 50%). Hoewel Dean 'n vordering van 5% in sy funksionering tydens die nameting getoon het, het hy die laagste nameting van al die respondente behaal. Sy nameting was 40% terwyl die gemiddelde meting vir die nameting 55% was. Die negatiewe gedragpatrone wat hy in die skoolopset openbaar, was dus duidelik in sy skoolmeting.

Abby het soos Chris geen duidelike vordering in haar skoolmeting getoon nie. Sy het 'n gemiddelde vordering van 1% getoon terwyl die gemiddelde vordering vir die skoolmeting 5% is. Haar funksionering in die skoolopset was ook laer as die gemiddelde meting vir beide die voormeting en die nameting. Abby se geneigdheid om haarself te isoleer, gee moontlik daartoe

aanleiding dat sy selde raakgesien word in die skoolopset en dat dit dus moeilik is om haar funksionering in die skoolopset te evalueer.

Die volgende is duidelik aangaande die respondente se maatskaplike funksionering:

- Chris toon 'n 10% vordering in sy sosiale funksionering, 'n 14% toename in sy emosionele funksionering, 'n 5.7% verbetering ten opsigte van sy selfbeeld, 'n 22.9% verbetering ten opsigte van sy gedrag en 'n 0% vordering in sy funksionering in die skoolopset. 'n Algehele toename van 10.52% is dus ten opsigte van Chris se maatskaplike funksionering na afloop van die intervensieprogram aangetoon.
- Kyle toon 'n 11.6% vordering in sy sosiale funksionering, 'n 4% toename in sy emosionele funksionering, 'n 8.5% verbetering ten opsigte van sy selfbeeld, 'n 14.2% verbetering ten opsigte van sy gedrag en 'n 10% vordering in sy funksionering in die skoolopset. 'n Algehele toename van 9.66% is dus ten opsigte van Kyle se maatskaplike funksionering na afloop van die intervensieprogram aangetoon.
- Susan toon 'n 11.7% vordering in haar sosiale funksionering, 'n 18% toename in haar emosionele funksionering, 'n 14.3% verbetering ten opsigte van haar selfbeeld, 'n 25.7% verbetering ten opsigte van haar gedrag en 'n 5% vordering in haar funksionering in die skoolopset. 'n Algehele toename van 14.94% is dus ten opsigte van Susan se maatskaplike funksionering na afloop van die intervensieprogram aangetoon.
- Dean toon 'n 13.4% vordering in sy sosiale funksionering, 'n 12% toename in sy emosionele funksionering, 'n 17.1% verbetering ten opsigte van sy selfbeeld, 'n 14.2% verbetering ten opsigte van sy gedrag en 'n 5% vordering in sy funksionering in die skoolopset. 'n Algehele toename van 12.34% is dus ten opsigte van Dean se maatskaplike funksionering na afloop van die intervensieprogram aangetoon.


- Marie toon 'n 30% vordering in haar sosiale funksionering, 'n 14% toename in haar emosionele funksionering, 'n 14.2% verbetering ten opsigte van haar selfbeeld, 'n 22.8% verbetering ten opsigte van haar gedrag en 'n 10% vordering in haar funksionering in die skoolopset. 'n Algehele toename van 18.2% is dus ten opsigte van Marie se maatskaplike funksionering na afloop van die intervensieprogram aangetoon.
- Abby toon 'n 25% vordering in haar sosiale funksionering, 'n 20% toename in haar emosionele funksionering, 'n 8.5% verbetering ten opsigte van haar selfbeeld, 'n 28.6% verbetering ten opsigte van haar gedrag en 'n 1% vordering in haar funksionering in die skoolopset. 'n Algehele toename van 16.62% is dus ten opsigte van Abby se maatskaplike funksionering na afloop van die intervensieprogram aangetoon.

Hoewel die navorser kindertekeninge nie interpreteer nie, is sy van mening dat die vordering wat Marie gemaak het, wel in haar ongestruktureerde verf-aktiwiteite waargeneem kan word. Marie het in die verloop van haar terapeutiese proses tydens verskillende sessies op 'n ongestruktureerde wyse gevef. Hierdie prente was deel van haar ongestruktureerde spelpatrone en geen pogings is aangewend om die prente te bespreek en om op projeksies en polariteite te fokus nie. Na afloop van die intervensieprogram is hierdie prente in volgorde geplaas en met mekaar vergelyk. Die vordering wat Marie gemaak het, was voor die hand liggend in haar prente (figuur 8.28). Marie het gedurende haar eerste sessie sonskyn, 'n boom en 'n figuur sonder enige gelaatstrekke en hare geteken. Daar was ook relatiewe groot oop ruimtes in haar prent. Die tweede prent wat sy tydens haar vierde sessie gevef het, het uit sonskyn, 'n boom en 'n figuur bestaan. Sy het meer moeite gedoen met die figuur en dit was duidelik dat dit 'n dogtertjie was. Daar was steeds oop ruimtes in haar prent. Marie het haar derde prent tydens sessie ses gevef. Hierdie prent het uit sonskyn, 'n wolk, twee bome en 'n dogtertjie bestaan. Haar vierde prent (sessie 9) is gevef nadat sy daarin begin slaag het om haar ware gevoelens te besit en te hanteer en sy begin leer het om haarself te onderhou. Hierdie prent het uit sonskyn, 'n wolk, 'n boom en 'n dogtertjie bestaan. Dit was opvallend hoeveel groter die son in hierdie prent was in vergelyking met haar vorige prente, en die dogtertjie was ook heelwat meer prominent in hierdie prent. Haar vyfde prent is tydens sessie 11 gevef. Hierdie prent was ooreenkomstig haar vorige prent. Daar was 'n groot son, twee wolke, 'n boom en 'n prominente dogtertjie. Marie het haar laaste prent tydens sessie 14 gevef. Die



spasie was in hierdie prent met 'n son, wolke, 'n boom, 'n huis en 'n dogtertjie gevul. Dit wil uit hierdie prent blyk asof Marie daarin kon slaag om haarself te onderhou en asof sy minder onsekerheid en angstigtheid beleef het. Hierdie sketse word vervolgens in figuur 8.28 aangedui.

Figuur 8.28 Marie se ongestruktureerde verf-aktiwiteit (Skets 1 en 2)



Figuur 8.28 (vervolg) Marie se ongestruktureerde verf-aktiwiteit (Skets 3 en 4)




Figuur 8.28 (vervolg) Marie se ongestruktureerde verf-aktiwiteit (Skets 5 en 6)



‘n Algehele beeld van die verandering in die betrokke laerskoolkinders se maatskaplike funksionering word vervolgens in figuur 8.29 voorgestel.

Figuur 8.29 Algehele vordering




Dit is uit figuur 8.29 duidelik dat daar ‘n algehele verbetering in maatskaplike funksionering na afloop van die intervensieprogram plaasgevind het. ‘n Groter verbetering in maatskaplike funksionering het tussen die middel- en nameting plaasgevind as tussen die voor- en middelmeting. Moontlike redes hiervoor kan met die volgende faktore verband hou:

- Die kind van die alkoholis sukkel om ‘n ander persoon te vertrou en gevolglik het dit relatief lank geneem voordat ‘n sinvolle vertrouensverhouding met die onderskeie kinders opgebou kon word (vergelyk paragraaf 3.6.2). Dit is ook uit paragraaf 7.3.1.4. duidelik dat terapeutiese vordering eers werklik kan plaasvind nadat ‘n vertrouensverhouding gevestig is.

- Sowel die drie ongesproke reëls in die alkoholisgesin wat met kommunikasie, vertroue en gevoelens verband hou as die geheimhoudende aard van alkoholisme gee daartoe aanleiding dat die kind van die alkoholis sy gevoelens en gedagtes ten opsigte van die ouerlike alkoholisme onderdruk (vergelyk paragraaf 3.6). Die betrokke kinders het eers in die periode waarin die middelmeting plaasgevind het daarin begin slaag om die realiteite van ouerlike alkoholisme en hul gevoelens wat daarmee gepaard gaan, te hanteer.
- Die betrokke kinders het eers gedurende die periode waarin die middelmeting plaasgevind het daarin begin slaag om deur die fobiese laag te beweeg en om die implosiewe laag te betree.

Ter aansluiting by figuur 8.29 dui figuur 8.30 op 'n algehele verbetering in maatskaplike funksionering aan.

Figuur 8.30 Algeheel



Die algehele verbetering in maatskaplike funksionering dui op 'n positiewe verband tussen die aanwending van 'n program in speltherapie vanuit die gestaltbenadering met die laerskoolkind van die alkoholis en die verbetering van die betrokke kinders se maatskaplike funksionering. Dit is uit figuur 8.30 duidelik dat die betrokke kinders die meeste vordering ten opsigte van hul gedrag behaal het. 'n Gemiddelde vordering van 21.4% is ten opsigte van gedrag bereik. Die tweede meeste vordering is ten opsigte van sosiale funksionering (gemiddelde vordering van 17%) behaal en die derde meeste vordering ten opsigte van die betrokke kinders se emosionele funksionering (gemiddelde vordering van 13.7%). Die minste gemiddelde vordering was 11.4% vir die selfbeeldskaal.

## 8.10 SAMEVATTING

In die betrokke hoofstuk is aangetoon dat die program in speltherapie vanuit die gestaltbenadering spesifiek daarop gerig was om ses laerskoolkinders wat aan ouerlike alkoholisme blootgestel word se maatskaplike funksionering te verhoog. Die studie het die vorm van intervensie navorsing aangeneem en sowel die betrokke kinders as hul onderwysers is by die implementering van die meetinstrumente betrek. Dit is vanuit die uiteensetting van die intervensieprogram duidelik dat die intervensieprogram spesifiek ten doel gehad het om die betrokke kinders se bewustheid te verhoog ten einde hulle in staat te stel om keuses te maak, besluite te neem, 'n mate van beheer te ervaar en die konflikte en onvoltooidhede in hul lewens op te los. Dit is ook vanuit die intervensieprogram duidelik dat die navorser bepaalde tegnieke, vaardighede, hulpmiddels en strategieë aangewend het om die betrokke kinders by die terapeutiese proses te betrek en om die intervensie sinvol deur te voer. Dit is verder vanuit die betrokke hoofstuk duidelik die verskillende skale van die meetinstrument met maatskaplike funksionering verband hou. Die meetinstrument was dus relevant vir die betrokke studie. Die formule wat aangewend is om die inligting vanuit die meetinstrument te verwerk, is suksesvol benut. Die bespreking van die gevallestudies was relevant. Sodoende kon insig in elke kind se proses, die rolle wat hy/sy aanneem en sy/haar funksionering in die skoolopset ontwikkel word. Die vordering wat elke kind ten opsigte van sy/haar maatskaplike funksionering gemaak het, kon ook sinvol aan die hand van die betrokke staafdiagramme bespreek word. Die vergelykende interpretasie van die gegewens kon verder 'n globale beeld ten opsigte van die sinvolheid van die intervensieprogram en die verbetering van maatskaplike funksionering bied.

Hierdie bespreking het aan die hand van die lyndiagram en die betrokke staafdiagram geskied.

In die volgende hoofstuk word die program wat ontwerp is en met die laerskoolkind van die alkoholis geïmplementeer is, uiteengesit. Die hulpmiddels wat aangewend is, word verskaf en die doel van elke sessie word uitgelig.